2025

# Johannes 3:16

WANT SO LIEF HET GOD DIE WÊRELD GEHAD...

# Hoofstuk 1 - Want so lief het God die wêreld gehad...

**Kernstelling:**

Johannes 3:16 word wyd "verkeerd" verstaan. Die hoofargument is dat **God se liefde eers was** en **die offer daarna gekom het**—en dat hierdie voorafbestaande liefde **spesifiek** op **Sy eie mense (Israel)** gerig was; dus het Christus vir **Sy volk** gesterf, nie vir "alle mense" in die algemeen nie.

**Argumentlyn:**

- **Chronologie van liefde en offer:**
  "Want so lief het God ..." → **liefde kom eerste**, die liefde **veroorsaak** die offer. Die populêre lees (offer → liefde vir almal) draai dit om.
- **Betekenis van "wêreld":**
  "Wêreld" word as **plek** gelees (die aardse domein waar Sy volk is), nie as **alle mense**. Vergelyk met Joh. 13:1: "Sy eie mense **in die wêreld**".
- **God se verkiesende liefde:**
  OT-getuienis (Deut. 10:14–15; 7:6–8; Ps. 147:19) toon God se **welbehae in Israel**. Hierdie liefde **het nie verander** toe Jesus op aarde was nie (God verander nie).
- **Kontras Jakob/Esau:**
  Mal. 1:2–5 word aangevoer: **Jakob het Ek liefgehad, Esau gehaat**—dus nie 'n universele, gelyke liefde nie.
- **Doel en omvang van die offer:**
  Aangesien die **liefde die offer dryf**, sterf Christus **vir dié wat Hy liefhet** → **Sy volk**. Dus kan "elkeen wat in Hom glo" net waar wees **van diegene vir wie die offer bedoel is**.
- **Verbondsperspektief:**
  Die **Ou Verbond** was met **Israel (huis van Israel en Juda)**; **Nuwe Verbond** (Heb. 8:8–10) is **ook** met hulle. **Verbond → wedergeboorte**, nie andersom. Uitverkiesing is **voor die grondlegging**; geboorte as Israeliet **vloei daaruit**.
- **Kritiek op populêre evangelie:**
  'n "Liberale/algemene" evangelie het volgens die stuk deur eeue se **breinspoeling** en **propaganda** posgevat (kerkgeskiedenis, Konstantyn, ens.) en **Joh. 3:16** uit konteks veralgemeen.
- **Eksistensiële appèl:**
  Lesers moet **bewus** hul "onderbewussyn-programmering" toets, die **teendeel oorweeg**, en **self** die teks ondersoek. **Waarheid maak vry.**

**Gevolgtrekkings**

- **Johannes 3:16** bevestig nie 'n **algemene versoening** nie, maar **God se liefde vir Sy volk** wat die stuur van die Seun **vir hulle** motiveer.
- **Redding:** Baie word **geroep**, min is **uitverkies**; evangeliebediening behoort **op die verbondsvolk** te fokus.
- **Onveranderlikheid:** Die kruis **verander nie** wie God se volk is nie; dit **verseker** hul redding.

**Uitdagings/implikasies**

- Toets jou aannames oor "die wêreld" en "almal".
- Erken God se soewereine reg om lief te hê **wie Hy wil**.
- **Bekeer**: verwerp oorlewerings/"programmering" en onderwerp jou aan **God se Woord** en **verbond**.

---

## Die studie...

**Johannes 3:16** — dié bekendste skrif in die Bybel:
*Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.*

Wat is die motief van die evangelie wat in die wêreld verkondig word en wat ís die evangelie wat deur die wêreld verkondig word? Net drie vinnige punte:

1. Wat sê hierdie vers vir die wêreld? *"God het die ganse wêreld lief gehad, en daarom het Hy sy Seun gestuur sodat elkeen wat in Hom glo die ewige lewe kan hê."* En ons almal sê: *"jip, dit is wat die wêreld sê"* — en, dit is dalk wat die meeste van ons ook sê.
2. Hoewel God voorheen net sommige mense liefgehad het, het Hy deur die kruis nou alle mense liefgekry — dit is wat gesê word.
3. Hoewel God voorheen 'n volk uitverkies het, en met hulle alleen 'n verbond gemaak het, het Hy Sy verbond met hulle verbreek omdat hulle nie by Sy verbond gehou het nie, en Hy het 'n nuwe verbond gemaak met die gelowiges uit al die nasies.

As ek nou by enige kerk instap, sal 99.9% van die kerke se geloofsbelydenis sê: *"Ja, dis wat ons glo, en dis wat ons bely"* — en **Johannes 3:16** is een van die sterkste verse van dit ondersteun.

**Nou die vraag is:** Is dit werklik wat **Johannes 3:16** sê? Is die evangelie wat oor eeue gebaseer is op **Johannes 3:16** dalk nie wat ons dink dit sê nie? Is ons net geleer **dít** is wat daar staan sonder dat ons self gelees het wat daar staan?

En dit is net hoe mense se brein werk — jy aanvaar net 'n ding omdat daar vir jou gesê is dit is só, en almal aanvaar dit, en jou brein aanvaar dit, en jy ondersoek dit nooit nie.

Nou is die uitdaging: sal jy kyk of daar dalk iets **anderste** staan? Is jy **braaf** genoeg, is jy **mans** genoeg? Is jy **mens** genoeg? Het jy genoeg van jou **eie wil** en jou **eie besluit vermoë** om dit te kan gaan bekyk? Of wil jy nie? 'n Mens se brein werk so: jy hou nie van goed wat verskil met dit wat jy glo nie. Dit is moeite. Dit vat energie. Dit laat jou negatief voel. So, as beginsel doen jy dit nie.

As jy dalk net kan besef dat *jou lewe daarvan afhang*. Iemand sê vir dalk vir jou, *"hierdie en daardie is dinge wat jy moet doen om kos te kry, want anders gaan jy doodgaan van die honger",* en dan glo jy dit — want anders gaan jy doodgaan van die honger. Maar ons het geen vrees vir die hel nie. Ons dink nie ons gaan verlore nie — ons kan maar net min of meer glo.

Die drie punte wat ek nou genoem het — en dit is die eerste drie wat by my gekom het — is wat ons glo daar staan.

**My vraag is:** Wat was eerste? Die liefde of die offer? *"Want só lief het God die wêreld gehad."* Wat was eerste — die offer of die liefde? Het Hy geoffer, en toe word Hy lief? Of was Hy lief, en daarom het Hy geoffer?

As ons kyk na die chronologie van **Johannes 3:16** (chronologie beteken volgorde), wat was eerste? Volgens **Johannes 3:16** het Hy éérs liefgehad en toe die prys betaal. *"Want so lief het God die wêreld* ***gehad****",* nie: *"Hy het lief geword nie"*. So lief het Hy die wêreld gehad, en toe het Hy die prys betaal as gevolg van Sy liefde. Omdat God so lief was vir die wêreld, het Hy Sy Seun gegee as 'n losprys vir hulle wat in Hom glo.

Die liefde was dus eerste. Die liefde het die optrede veroorsaak. As jy my mis en nie hoor wat ek sê nie — bedink dit. Kom ek vertaal dit in twee opsies:

Wat staan daar?

---

**Eerste opsie: Johannes 3:16** vertaal volgens wat die wêreld sê: *"So lief het God vir die wêreld geword nadat Hy vir hulle gesterf het — reeds vooraf, voor Hy vir hulle lief was — vir hulle gesterf het, sodat elkeen wat Hy voorheen nie liefgehad het nie, vir hulle lief kon word. En as hulle in Hom glo, sal hulle die ewige lewe hê."*

Dit klink geweldig deurmekaar, want dit is deurmekaar. Hoekom? Omdat die wêreld dit omdraai en sê Hy het eers gesterf en toe lief geword.

---

**Tweede opsie:** Wat staan daar eintlik? *"Omdat God Sy eie mense in die wêreld lief gehad het, daarom het Hy sy Seun gestuur om namens Sy eie mense — wat in die wêreld is — te sterf, sodat elkeen van hulle wat dan in Hom sou glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe kan hê."*

---

**Die een sê:** Hy het reeds sy eie mense in die wêreld liefgehad, en daarom het Hy Sy Seun na die wêreld toe gestuur om vir hulle te sterf.

**En die ander een sê:** "Nee, hoewel Hy nie almal liefgehad het nie, het Hy Sy Seun gestuur — en toe het Hy vir almal lief geword."

Maar, as die liefde eers was, hoekom het Hy dan vir hulle gesterf?

**Vraag:** Hoeveel was Sy liefde gewees wat veroorsaak het dat Hy sy Seun gestuur het?

So, ons sê: *"Só lief het God die wêreld* ***gehad****..."* Hoe lief het Hy die wêreld gehad voordat Hy gesterf het, want die offer se motief was die liefde?

Toe Yahshua op die aarde gewandel het, het Hy nog nie die offer gebring nie, maar Hy het reeds liefgehad. Hoe was sy liefde voor die offer? Want, daai liefde het die offer veroorsaak — en dit is wat ons wil sien: Hoe was Sy liefde gewees wat veroorsaak het dat Hy Sy Seun gestuur het. Omdat Sy liefde voor die kruis Sy bereidheid vir die offer bepaal het, moet ons ondersoek wat daardie liefde was om te kan weet vir wie die liefde was.

**So weereens:** Sy liefde in Sy hart voor die kruis het die kruis veroorsaak. Maar wat vandag vir ons gesê word, is: die kruis het Sy liefde veroorsaak. Dit is nie die waarheid nie, want dan sou Hy nie die prys betaal het nie — want Hy het nie liefgehad nie. Hoekom sou Hy dan die prys betaal het?

Sy liefdesverklaring was voor die kruis. En dit is gedeeltes wat ons lees en dan diskwalifiseer, omdat ons glo sy liefde het verander, maar die liefde wat bepaal het dat Hy gaan sterf, was voor die kruisiging.

**Deuteronómium 10:14 & 15**
*Kyk, aan die HERE jou God behoort die hemel, ook die hoogste hemel, die aarde en alles wat daarin is (Hy sê net eers wie is Hy). Maar net aan jou vaders het die HERE 'n welgevalle gehad om hulle lief te hê, en Hy het julle, hulle nageslag ná hulle, uit al die volke uitverkies, soos dit vandag is.*

So, wat probeer ek sê? Ons moet probeer om deur hierdie mistigheid te kyk van die verwarring rondom **Johannes 3:16:** *"Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy..."*

En hier is die Seun op die aarde, en Hy stap daar rond — en wat is die liefde in Sy hart, want die Seun is God? Hy is daar om die volmaakte offer te wees vir Sy geliefdes. En wat is Sy geliefdes? "*Maar net aan jou vaders het die HERE 'n welgevalle gehad om hulle lief te hê...*"

So, toe Yahshua op die aarde wandel, het Hy net die vaders (dit is die vaders van die belofte: Abraham, Isak en Jakob) en hulle nageslag lief gehad — dit is wat daar staan. Sy liefde het nie verander vandat Hy met Moses gepraat het in **Deuteronómium 10** totdat Yahshua op die aarde gewandel het nie — daar het niks verander nie. Inteendeel, God **kan nie verander nie,** Hy is wat Hy is. Hy **is** liefde en Sy liefde **kan nie verander nie**. En Hy sê: *"Maar net aan jou vaders..."*. En as Hy sê *"jou"*, dan praat Hy met die Israeliete.

En toe loop Hy op die aarde met daardie liefde in Sy hart. En Hy sê: *"Ek gaan Myself offer"*. Vir wie? *"Vir diegene wat Ek liefhet."*

**En vir wie het Hy lief?** "*Maar net aan jou vaders het die HERE 'n welgevalle gehad om hulle lief te hê, en Hy het julle, hulle nageslag ná hulle, uit al die volke uitverkies, soos dit vandag is*."

Lees ons dan **Johannes 3:16** verkeerd, of ís **Johannes 3:16** verkeerd? Nee, dit ís reg — ons het dit net gaan interpreteer.

*"Want so lief het God die wêreld gehad..."* Hoe het Hy hulle lief gehad? Hy het 'n welgevalle gehad in die Israeliete. En daarom: *"Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy vir Yahshua gestuur het om vir ons 'n offer te word, sodat elkeen wat in Hom glo* (van die Israeliete) *nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê."*

Hier is 'n paar punte wat ek gaan noem, en ons moet met baie groot respek luister en dit bedink. En onthou wie is God: *"Kyk, aan Yahweh jou God behoort die hemel, ook die hoogste hemel, die aarde en alles wat daarin is."*

Ek praat nou van Hom — Hy is bo enige mens wat jy aan kan dink, Hy is die eienaar, Hy is die Skepper — Hy het ons **almal** gemaak.

---

**Die eerste een:** God maak Sy hart oop teenoor ons en verklaar Sy liefde **tydens Israel se uittog uit Egipte**. Dit is die vers wat ons nou net gelees het nie. Waar was hulle? By Sinai.

Hy sê: *"Ek het julle liefgehad; julle het My welgeval."*

Hy sê sonder dubbelsinnigheid, duidelik, dat Hy net die Israeliete en hulle nageslagte liefhet — **uit al die volke wat op die aarde is**.

**Is dit so? Is dit wat daar staan? Lees maar weer:**

*"Maar net aan jou vaders het die Yahweh 'n welgevalle gehad om hulle lief te hê, en Hy het julle, hulle nageslag ná hulle, uit al die volke uitverkies, soos dit vandag is."*

So, ek herhaal dit net en sê **dít** is wat God sê — stem ons saam? Hy maak Sy hart oop teenoor ons. Ons as mens het ook liefdesgevoelens in ons hart, ons het liefdesverklarings teenoor mense, en bitter min sal jy dit

teenoor ander mense uitspreek — selfs teenoor jou geliefde. Hoekom? Want dit is diep daar in jou hart, dit is jou geheim. En Vader deel dit met ons, en wat is ons gesindheid teenoor **Hom**?

En dit is die eerste punt: **God maak Sy hart oop.**

---

**Die tweede een:** ons as mens verstaan nie die liefde nie en weet nie wat liefde is en hoe liefde werk nie.

Nou as ek sê *ons*, dan bedoel ek ons ervaar ook liefde — en dit maak ons lekker deurmekaar. En ons dink die kant toe, en ons dink daai kant toe, en ons sukkel. Maar as ons aan Sy liefde dink, dan is dit vir ons 'n uitgemaakte saak — ons kan nie eens ons eie hart verklaar nie, maar ons is so braaf om Sy hart te verklaar.

**So, wat sê hierdie punt?** Ons as mens verstaan nie die liefde nie en weet nie wat liefde is en hoe dit werk nie. Maar ons weet wel dan wanneer jy iemand liefhet, dan kan dit jou lewe vervul of jou hart breek — en jy het self nie beheer daaroor nie.

**So, wat probeer ek nou doen?** Dit is net om te sê dat God sê**: *"net julle het Ek lief".*** En dan is dit vir ons so 'n wetenskaplike ding, 'n besigheid inskrywing, of 'n verklaring — maar, ons dink nie dit is liefde nie. Ons dink ons liefde is anders as Sy liefde.

**Ons kan nie die liefde aanskakel of afskakel nie,** al wil ons.

'n Man en 'n vrou is getroud vir 50 jaar, en dan gaan die omie dood. En wat maak die tannie met daardie liefde? Sy verlang na haar man. Sy wil dit afskakel, maar sy kan nie.

Ons het geen respek vir Vader se liefde nie. **Ons kan nie die liefde aanskakel of afskakel nie — al wil ons.** God se liefde is soos ons liefde, want ons liefde kom van Hom.

Net soos ons hart kan pyn van onbeantwoorde liefde, pyn Sy hart ook. Bedink ons dit ooit?

So, as Hy sê: *"Julle alleen het Ek liefgehad",* dan begin ons dadelik sê: *"Nee, hier te kort en daar te lank..."*

Ons is besig met die Almagtige wat die Eienaar is van die hemele en die aarde, wat die Skepper is van alles. Hy maak Sy hart teenoor ons oop betreffende Sy liefde, en wat sê ons? Ons wys vir Hom vinger en sê: *"Nee, nie so nie. Ons sal dit nie toelaat nie."*

---

**Die derde een:** Indien ons iemand liefhet, **sal ons ons lewe vir daardie persoon gee.** Dit is net so.

Ek praat van liefde. Ek het al 'n paar keer verwys na die pa se seuntjie wat in 'n boorgat geval het. En hulle kon hom nie uitkry nie. En daardie pa se hart is absoluut gebreek. Wat sal hy doen om plekke te ruil met daai kind? **Enigiets.** Hy kan nie, maar hy is bereid. Hoekom? **Absolute liefde.** Kan ons dit verklaar? Hoekom berus die pa nie net daarby nie? Want dit is liefde — en liefde is nie 'n maklike ding nie.

**Indien ons iemand egter nie liefhet nie, sal ons nie ons lewe vir hom gee nie.** En dit kan ons ook nie verklaar nie.

Nou wat sê Vader? *"Julle alleen het ek lief."*
En nou sê ons vir Hom: *"Nee, Hy moet almal liefhê, Hy behoort almal lief te hê".* Die polities korrekte ding sou wees om almal lief te hê. En ons skryf liefde voor?

As ons iemand sou haat, dan wil ons hom om die lewe bring — en dit kan ons ook nie verklaar nie, maar ons wil God verklaar, **ons wil vir God voorskryf...**

---

**Die vierde een:** Ons kyk werklik in 'n spieël na 'n raaisel as dit by die liefde kom, maar daar is geen respek of selfs geen vrees vir God se eie liefde in Sy hart nie. Net die feit dat Hy Sy liefde aan ons **verklaar**, moet ons **alreeds met verbasing en bewondering vervul**, maar intussen is ons besig om Sy liefde namens Hom te

**bepaal** en **te beoordeel** — dit is wat ons doen: Ons ag onsself belangrik genoeg, sterk genoeg, slim genoeg om God **voor te skryf**.

---

**My laaste punt:** Dink maar net hoe ons as mense reageer wanneer daar vir ons voorgeskryf word vir wie ons mag lief hê en met wie ons mag trou. God sê in **Johannes 3:16** dat hierdie liefde van Hom so groot was, dat Hy Sy **lewe daarvoor gegee het**.

So, weer terug na **Johannes 3:16:** *Want so lief **het** God die wêreld gehad* — en dit was die motief vir Sy offer. En ons verander dit, dalk omdat ons 'n ander motief het?

Hoe was Yahshua se liefde in Sy hart toe Hy op die aarde geloop het?

**Deuteronomium 7:6-8**
*Want jy is 'n volk (die Israeliete) heilig aan die HERE jou God; jou het die HERE jou God uitverkies om uit al die volke wat op die aarde is, sy eiendomsvolk te wees. Die HERE het 'n welgevalle aan julle gehad en julle uitverkies, nie omdat julle meer was as al die ander volke nie, want julle was die geringste van al die volke. Maar omdat die HERE julle liefgehad en die eed gehou het wat Hy vir julle vaders gesweer het, het die HERE julle met 'n sterke hand uitgelei en jou uit die slawehuis, uit die hand van Farao, die koning van Egipte, verlos.*

Yahshua loop op die aarde — Hy is die Almagtige — en in Sy hart is die liefde wat Hom gedryf het tot daardie punt om Sy lewe te gee. Hy is in Getsémané, en Hy sê *"Hulle gaan My doodmartel"*, en Hy is benoud tot die dood toe, maar Hy hou aan. **Hoekom?** Hiérdie liefde: *"Maar omdat Yahweh júlle liefgehad het en die eed gehou het..."*

**Hoekom het Hy nie die ander liefgehad nie?** Ek weet nie. Maar as ek vir jóú vra: *"Hoekom het jy nie daai en daai lief nie"*, wat sê jy? *"Dit is mos my saak?".* En die wat ek liefhet, is my saak. En die wat God liefhet, is Sy saak.

Wanneer dit by iemand se liefde teenoor iemand anders kom, kan geen ander persoon die reëls maak nie. Wanneer God dus sê dat Hy net die Israeliete uit al die nasies op die aarde liefhet, **watter mens mag daaroor kommentaar lewer**, en selfs vir Hom voorskryf?

Dis iets waarvoor ons net geweldig **respek** moet hê: *"Want so lief hét God **reeds** gehad..."* — toe Hy hier geloop het, **het Hy reeds die liefde gehad**.

En vir wie het Hy dit gehad? Net vir **een groep**. Ons verander dit en sê: *"Hy het eers die offer gebring, en toe het Hy lief geword — **Sy liefde het verander.**"*

**Net 'n Voorbeeld:** Indien 'n dogter, van 'n baie welgestelde vader, opdaag en verklaar dat sy haar hart verloor het op 'n man van die onderdorp, wat met 'n raserige motorfiets rondjaag, dan het hy seker gesag en reg om haar tee te gaan en anderste te probeer oortuig.

Maar, wanneer die **Skepper van die hemel en die aarde** Sy liefde verklaar vir Sy volk, wie is óns om dit te beoordeel?

Die **liberale wêreld**, wat in die mag van die Bose lê, die wêreld waarin ons lewe, is onder die mag van die Satan — en sy **doel is om God se liefde vir Sy volk te verander in 'n liefde vir alle volke**.

---

**My twee interpretasies van Johannes 3:16 toe ek begin het:**

- Die een sê: vir **Sy eie mense in die wêreld**
- Die ander een sê: vir **alle mense in die wêreld**

Nou wat sê ek hier? Die **liberale wêreld**, wat onder die mag van die Bose lê, se **doel is om God se liefde vir Sy volk te verander in 'n liefde vir alle volke**.

---

Dit is wat gedoen word deur byvoorbeeld **Johannes 3:16.**

Maar, na noukeurige ondersoek sien ons **Sy voorafbestaande liefde** het veroorsaak dat Hy Sy geliefdes van 'n gewisse dood wil red, en daarom het Hy Sy Seun gestuur om in hulle plek te sterf — dit is tog die **chronologie**, dit is wat gebeur het. Hy is by die berg Sinai, Hy praat met hierdie mense en Hy sê: *"Ek is lief vir julle. Ek is net vir julle lief — **uit al die volke wat op die aarde is** het Ek julle lief."*

Maar Hy weet, soos wat hulle daar staan, is hulle verlore. Hoekom? Want die loon van die sonde is die dood, maar Hy wil dit verander. En die enigste manier om dit te verander, is dat Hy Sy Seun moet stuur om in hulle plek te sterf.

**Het Hy vir hulle gesterf,** of het Hy vir die **hele wêreld** gesterf? Het Hy vir **al** die mense in die wêreld gesterf, of vir Sy **eie mense in** die wêreld?

Ons is deur die eeue heen gebreinspoel. **Kan jy alle mense op die aarde breinspoel?** Dit lyk my so...

Hier en daar is daar een wat loskom, wat vry kom. Jy word vasgekluister in die kerker deur breinspoeling. **Die enigste manier om daar uit te kom, is die waarheid.**

Hoe word jy vasgehou? Met die leuen. Hoe kom jy uit? Met die waarheid. Want, die waarheid sal jou vrymaak. Dit is elke persoon se eie keuse. Die meeste — by verre die meeste — kom nie uit nie. Hulle bly binne-in die gevangenes, binne die kerker, van die leuen. Paulus was daar — hy was só oortuig dat hy mense doodgemaak het wat nie ook in daardie kerker van die leuen was nie. Yahshua het hom los geruk, en Hy sê: *"Wat doen jy? Waarom vervolg jy My?"*. En hy vra: *"Wie is U, Here?"* → *"Ek is die Een wat jy vervolg!"* Wat sê Paulus? *"Ek het dit nie geweet nie. Ek was heeltemal gebreinspoel om iets anders te glo."*

En ons is in daardie selfde situasie. Ons is deur die eeue gebreinspoel om **hierdie leuen** te glo wat deur die Satan beplan is — om te **laster teen die Almag van God**.

Hoe sal ons voel as ons ons hart oopmaak teenoor iemand, dalk 'n meisie op wie jy dol verlief is, en sy lag vir jou en sê jy is sommer laf of 'simpel'?

En ons, wat doen ons? God kom na ons toe, Hy maak Sy hart oop teenoor ons. Wat sê ons? Met respek gesê: *"Ag, U is simpel! U kan nie net vir my lief wees nie, wat van al die mense, wat van die ganse mensdom? U moet vir almal lief wees!"*

Hy sê: *"Nee. Ek het hulle nie lief nie."*

En sommige mense sê: *"As U hulle dan nie liefhet nie, dan wil ek nie met U verhouding hê nie."*

En wat doen ons? Ons **klap die deur in Sy gesig toe**.

Hy sê: *"Dit is vir júlle wat Ek liefhet."*

Ons sê: *"Nee, ons maak die voorwaardes."*

Ons verstaan Hom nie en ons verstaan nie Sy liefde nie. Dink bietjie mooi wat ons doen: Ons belet Hom om lief te hê wie Hy wil, en ons skryf self voor wat aanvaarbaar is vir ons, en wie Hy **behoort** lief te hê — ons speel letterlik met vuur, **ons is besig met die Almagtige,** en ons dink daar niks van nie.

Omdat ons van dag een af geleer word deur elke middel van opvoeding en propaganda, is dit vir ons **bykans onmoontlik** om die teendeel in te sien, en dit vra 'n **bewuste besluit** om ons denke te ondersoek en te kyk of dit wat ons glo die waarheid is.

---

Dis 'n **baie groot sin, daar is baie inligting**.

Omdat ons van dag een af, van kindsbeen af, geleer word: *So lief het God almal gehad, die hele wêreld, almal op die wêreld, dat Hy Yahshua gestuur om vir die hele wêreld se sonde te sterf,* word dit ons geloof.

Dit is wat jy vanaf dag een hoor: *"Hy het almal lief gehad."* Ons word vandag so geleer word, deur elke vorm van opvoeding: jou skool, jou kerk, jou ouers, propaganda (jy kyk 'n fliek, jy kyk televisie, jy kyk op jou selfoon) — dit is **orals**, en nêrens is die **teendeel** nie.

Dit is vir ons bykans **onmoontlik** om die teendeel te sien. Maar, hoewel jy van alle kante af beïnvloed word, is dit **nog steeds moontlik om die waarheid te sien** as jy net **bereid is om te kyk**.

*"Want so lief het God die wêreld gehad..."* Hy het **reeds** die wêreld lief gehad.

Dit is nie: *"So lief sal God die wêreld hê..."* nie, dit is *"So lief* ***het*** *God* ***reeds*** *die wêreld, Sy* ***eie mense*** *in die wêreld, gehad, dat Hy Sy eniggebore Seun gestuur het, sodat elkeen van hulle wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie..."* — **Hierdie is die teendeel.**

Is dit moontlik om dit te sien? Ja, maar dit vra 'n **bewuste besluit**.

Hoekom sê ek "'n bewuste besluit"? Want jou onderbewussyn is reeds geskryf, en jou onderbewussyn is baie sterker as jou bewussyn.

---

Wanneer jy 'n kar bestuur met jou bewussyn, dan is dit 'n gesukkel. As jy wegtrek, laat jy hom vrek. As jy by 'n stopstraat stop, is jy bewerig, want al die mense agter jou dit en dat en, en, en... Wie is so 'n persoon? Dit is die ou wat leer kar bestuur. Jy leer kar bestuur met jou bewussyn, want jou onderbewussyn is leeg — hy het nog nooit kar bestuur nie. So, jy gebruik jou bewussyn — en dit is 'n gesukkel. Maar, na 'n tydjie dink jy nie meer nie, jou onderbewussyn bestuur — jy ry Kaapstad toe en jy weet van niks nie. Jou onderbewussyn het bestuur: hy het gestop by elke stopstraat, die flikker aangesit, verbygegaan, hy het gekyk na die spoedgrens, maar jou bewussyn was besig om radio te luister, of met iemand te gesels, ens...

---

Nou hoe kan jou onderbewussyn verander? Jy kry dit reg, maar dit is geweldig moeilik.

Nou is jou onderbewussyn geprogrammeer van dag een af, jy is al van jongs af geleer: *"God het die hele wêreld en al die mense daarin lief."*

Nou kom iemand soos ek en sê vir jou *"Nee, dit is nie so nie"*, wat sê jou onderbewussyn? "Ai, vriend, ek glo dit al vir *20 jaar* of *50 jaar* of *70 jaar, jy gaan my nie kan oortuig nie."* — en dit is hoe 'n mens se brein werk.

Dit is hoekom die Rooms-Katolieke kerk sê: *"Gee my 'n kind tot op sewe jaar, en ek het hom vir altyd, want ek sal in sy onderbewussyn skryf en jy sal hom nie kan verander nie."*

Dit is vir ons bykans onmoontlik om die teendeel in te sien en vra dit 'n **bewuste besluit,** 'n **bewussyn besluit**. So, hoewel jou onderbewussyn oorverdowend vir jou skree *"Ek wéét wat daar staan!"*, moet jý vir hom sê *"Wag 'n oomblik — laat ek net kyk wat daar* ***werklik*** *staan."*

Dit is 'n **bewuste besluit,** ek gaan my **bewussyn** gebruik om te kyk wat daar staan, ek gaan dit **bewustelik** ondersoek. Die geval waar ons **geforseer word om ons bewussyn te gebruik** om tot 'n ander gevolgtrekking te kom, is wanneer dit wat ek my hele lewe lank geglo het, **nie uitwerk nie**.

*"Ek was totaal oortuig dat as ek by die einde van die reënboog kom, daar goud sal wees. Almal sê dit, almal glo dit, almal soek dit."* — en toe kom ek by die einde van die reënboog, en daar is tou nou nie goud nie. En ek sê vir my onderbewussyn: *"En toe? Wat nou?"* — en uiteindelik is ek dan **gedwing** om te ondersoek.

---

Ons gaan eers gedwing word om hierdie waarheid te gaan ondersoek **wanneer die Koning gekom het**, maar dan gaan dit te laat wees. Nou het ons nog die keuse: Indien die teenoorgestelde waar is van wat ons nog altyd van Johannes 3:16 geglo het, beteken dit dat **God net sekere mense lief het en die res van die mense nié lief het nie.**

Nou wat sê jou onderbewussyn? *"Dit is verregaande!"* Gaan jy dit **ondersoek,** of luister jy net na jou onderbewussyn wat geprogrammeer is deur 'n stelsel?

Is jy bereid om dit te ondersoek? *"Nee, dit is te veel moeite, en dit gaan nagevolge hê. As ek dit sou glo, wat gaan die wêreld van my dink!"* — Jy is reg, hulle sal jou kruisig; hulle het Yahshua gekruisig...

Is dit moontlik dat God sekere mense selfs **kan haat,** ten spyte van wat ons nog altyd verstaan van Johannes 3:16? *"Want so lief het God die wêreld gehad..."*. Is dit moontlik dat Hy **sommige mense nie liefhet nie** en selfs ander haat? As God dan sekere mense haat, het Hy namens hulle gesterf? Dit klink bietjie teenstrydig...

**Maleagi 1:2-3**
*Ek het julle **liefgehad**, sê die HERE. Nogtans vra **julle** (Israeliete): Waarin het U ons liefgehad? Is Esau nie die broer van Jakob nie? spreek die HERE. Tog het Ek **Jakob liefgehad**, maar **Esau** het Ek **gehaat** en sy gebergte 'n wildernis gemaak en sy erfdeel aan die jakkalse van die woestyn prysgegee.*

Yahshua is hier op die aarde, dit is voor Golgota, en Hy het **liefde in Sy hart**, en Hy het **haat in Sy hart.** Weet ons dit? Wat sê my onderbewussyn? *"Want so lief het God die wêreld gehad..."* — maar, Hy het haat is Sy hart...

*"Tog het Ek Jakob liefgehad, maar Esau het Ek gehaat..."* — en Hy loop op die aarde en Hy **haat hom nog steeds**. En dan sterf Hy aan die kruis en Hy staan op, **het Hy dan Esau begin liefkry?** Geen Skrif sê dit nie, ons neem net aan dat Hy Esau lief gekry het as gevolg van **Johannes 3:16**.

Maar dit is nie wat daar staan nie. "Want so lief het God die wêreld gehad...", en in dié wêreld is Jakob se nageslag, en in dié wêreld is Esau se nageslag — en Hy voel nie die selfde oor beide nie. Het Hy vir altwee gesterf?

**Maleagi 1:4-5**
*As Edom sê: Ons is wel verwoes, maar ons sal die puinhope weer opbou—dan sê die HERE van die leërskare dit: **Laat hulle bou, Ek breek dit tog af**; en die mense sal hulle noem: Grondgebied van goddeloosheid, en: **Die volk** waarop die HERE **vertoornd** is **tot in ewigheid!** En julle oë sal dit aanskou, en julle sal sê: Groot is die HERE oor die gebied van **Israel**!*

Dit herhaal, beklemtoon en bevestig wat ek gesê het. Toe God op die aarde geloop het, was Hy ***vertoornd*** op Esau se nageslag — Hy het hulle gehaat, Hy wou hulle dood maak, Hy wil nie hulle siele red nie.

Hoekom is ons so in 'n verwarring? **Iemand het ons in hierdie verwarring gebring.**

Wat is die gevolgtrekking? Toe die Seun gekom het om vir die wat Hy lief het se sonde te sterf, het Hy dus **net vir die gesterf vir wie Hy lief gehad het** — dit is tog immers waarvoor Hy gesterf het!

Logies en chronologies maak dit tog sin. Die skrifgedeelte sê: *"Want so lief het God die wêreld **gehad**, dat Hy Sy eniggebore Seun gestuur het..."*

So, **Hy hét liefgehad, en toe gestuur.** Die gevolgtrekking? Toe Sy Seun gekom het, was dit **om vir dié wat Hy liefhet se sondes te sterf**. Hy het dus net gesterf **vir dié wat Hy liefgehad hét**.

Maar, die **vals profete** insinueer dat Sy liefde reeds vir die ander volke ook bestaan het, en daarom praat Hy van *"Die wêreld wat Hy liefgehad het..."* — Esau moes dan daarby ingesluit gewees het, maar Hy sê: *"Ek haat Esau, Ek is **vertoornd** op sy nageslag **tot in ewigheid!**"*

So, wat het gebeur voor die kruisiging dat Yahshua se hart verander het **ten opsigte van Esau**? Sy hart moes verander het voor die kruisiging, want Hy het gesterf as gevolg van Sy liefde, maar Hy het Esau gehaat!?

---

**Hier is 'n opinie:** Die wêreld **kan** egter ook 'n plek wees — en nie noodwendig 'n aanduiding van die mense in die wêreld nie.

*"So lief het God die wêreld gehad..."* — Kan "die wêreld" 'n plek wees? As jy met jou ruimtetuig in die ruimte rond vlieg, en jy sê: *"Ek gaan terug na die wêreld toe"*, waarheen gaan jy? Die aardbol.

---

As ons verder in **Johannes** lees, verklaar **Johannes** self vir ons dat die "wêreld" waarvan hy praat in **Johannes 3:16** nie op **mense** dui nie, maar op 'n **plek**.

So, Hy het dus die **plek, die wêreld,** liefgehad, en nie die **mense van die wêreld** nie. Dit is 'n plek: *"So lief het God die plek gehad, naamlik die wêreld, dat Hy Sy eniggebore Seun **na daardie plek** toe gestuur het."*

**Johannes 13:1**
*En voor die fees van die pasga het Jesus, omdat Hy wis dat sy uur gekom het dat Hy uit **hierdie wêreld** (dit is 'n plek) sou oorgaan na die Vader, en omdat Hy **sy eie mense in die wêreld liefgehad het**, hulle liefgehad tot die einde toe.*

So, dit is toe nie 'n opinie nie, hier staan dit — dit is dieselfde skrywer: **Johannes 3:16 en Johannes 13:1...**

**Die wêreld is 'n plek**, en **daar is mense in die wêreld — Sy eie mense** — en daar is ander mense. En Sy eie mense het Hy liefgehad **tot die einde toe**. En **vir hulle** het Hy gesterf.

So, alles wat ek tot nou toe gesê het, het ek nie uit my duim uit gesuig nie — dit staan daar. Ons is net gebreinspoel om iets anders te glo. "Die wêreld" is 'n **plek**. So lief het God hierdie plek gehad, en in hierdie plek is mense en mense. Party is Sý mense, en die res is nié Sy mense nié.

By die berg Sinai — wie was daar? Die **Israeliete**. Hulle was **in die wêreld**, maar daar was nog **baie ander mense** in die wêreld ook; die Egiptenare was net daar anderkant die Rooi See.

Die Egiptenare is **nie Sy mense** nie, en Hy het 'n groot klomp van hulle doodgemaak, want Hy het hulle nie lief nie. Die wat by die berg gestaan het, het Hy liefgehad — dit is Sy mense. Die res **was nie Sy mense nie**.

---

Ek het Suid-Afrika lief, want my eie mense is in Suid-Afrika. Maar, almal wat in Suid-Afrika is, is nie **noodwendig my eie mense nie** — dit is die selfde met God en Sy mense in die wêreld.

Suid-Afrika, wat ek lief het, dui aan op 'n plek en nie op al die inwoners van Suid-Afrika nie — ek ken nie eens al die inwoners nie.

---

*"So lief het God die wêreld gehad..."* — dit is 'n plek. En Hy hét *(Sy liefde was voor die offer)* dit liefgehad, maar Sy liefde was **nie vir al die mense van die wêreld nie**.

Het Hy dan werklik nie vir al die mense van die wêreld gesterf nie?

Is dit nie **haatspraak** nie?
Is dit nie **onregverdig** nie?

**Hier kom die programmering van ons brein weer in,** ons **was geprogrammeer**:

*"Dit is **onregverdig**."*
*"Dit is **onaanvaarbaar**."*
*"Dit is **haatspraak**."*
*"Dit is **polities verkeerd**."*

En ek weet nie wat alles nog nie...

*"Jy mag dit nie sê nie."*
*"Jy mag nie só dink nie."*
*"Jy mag nie dit oorweeg nie."*

En jou **onderbewussyn word elke dag** — by die laaste hoe oud jy ook al is — **voortdurend geprogrammeer**.

Dit is hoe dit werk.

**My vraag**: *Het Hy dan werklik nie **alle mense** van die wêreld lief nie? Het Hy werklik nie vir **hulle almal** aan die kruis gesterf nie?*

Daar is propaganda en leerskole daar buite wat ons allerhande dinge leer, en dan is daar die **Woord van God.** Watter een is die waarheid? Die **Woord** is waarheid. Geloof is uit die gehoor, en die gehoor is uit *dit hang af na wie jy luister...*

*"Geloof is uit die gehoor, en die gehoor is uit die **preekstoel** uit."*
*"Geloof is uit die gehoor, en die gehoor is uit die **televisie** uit."*

Geloof is uit *vir wie jy die oor draai* — waar luister jy...

**Psalm 85:1-2**
*U het, o HERE, 'n welbehae gehad in u land; die lot van **Jakob** het U verander. U het die ongeregtigheid van **u volk** weggeneem, al hulle sonde bedek.*

**Wat is die probleem met hierdie Israeliete wat by die berg Sinai staan?** God het **hulle** baie lief, Hy het 'n verbond met hulle, maar hulle is verlore — as gevolg van wat? Hulle sonde. En hier in **Psalm** is 'n profesie wat sê: "*U het die ongeregtigheid van **u volk** weggeneem, al hulle sonde bedek."*

Hoe word my sonde bedek? Hoe word my sonde weggeneem? *"Sovêr soos die Ooste van die Weste só vêr sal Ek julle ongeregtighede van julle af wegneem."* Hoe? Deur dit op Hom te neem. Hoe? Deur aan die kruis te sterf. Vir wie? "*U het, o HERE, 'n welbehae gehad in u land; die lot van **Jakob** het U verander."*

*Nie die **Egiptenaar** nie.*
*Nie die **Moabiet** nie.*
*Nie die **Edomiet** nie.*
*Nie die K**anaäniet** nie.*

Die lot van **Jakob** alleen.

Goed, maar dit is **Ou Testament.** Wat sê die **Nuwe Testament**?

**Matthéüs 1:19**
*En Josef, haar man, omdat hy regverdig was en onwillig om haar openbaar te maak, het hom voorgeneem om in die geheim van haar te skei.*

Wat gebeur hierso? Maria is swanger met **Yahshua — die Koning** — wat **gekom het na hierdie wêreld toe** as gevolg van **Sy liefde** vir **Sy eie mense in die wêreld**. Sy is swanger, maar **Vader self** het haar swanger gemaak. Josef dink dit kan nie gebeur nie en wil van haar in die geheim skei.

**Matthéüs 1:20**
*Maar terwyl hy (Josef) dit in die gedagte gehad het, verskyn daar 'n engel van die Here in 'n droom aan hom en sê: Josef, seun van Dawid, wees nie bevrees om Maria, jou vrou, by jou te neem nie, want wat in haar verwek is (haar swangerskap), is uit die Heilige Gees; en sy sal 'n seun baar, en jy moet Hom Jesus (Yahshua) noem, (hoekom?) want dit is Hy wat **sy volk** van **hulle sondes** sal verlos.*

Wie? Sy **volk**.

**Psalm 85** het geprofeteer: "U het hulle sondes bedek..."

**Hoe?** Yahshua. *"Want dit is Hý wat **Sy volk** van **hulle** sondes sal verlos."*

**Nou is my vraag:** *"Het Hy dan werklik nie vir **alle mense** in die wêreld gesterf nie?"*

Is dit **haarspraak?** Is dit **onregverdig?** Mag Hy dit doen? Wel, Hy **het. Wie sal vir Hom voorskryf?**

As God dan nou net vir **een volk** lief is, wat dan van die ander volke? Wat van die Egiptenare? Wat van die Edomiete?

**Jesaja 45:9**
*Wee hom wat met sy Formeerder twis—'n potskerf by erdepotskerwe! Sal dan die klei sê aan die wat dit vorm: Wat maak jy? Of jou werk sê: Hy het geen hande nie!*

Wie is die Formeerder? Die Een wat jou gemaak het, die rede hoekom jy hier is — Iemand het jou gemaak. En nou twis jy?

**Romeine 9:17-19** — dit handel **spesifiek oor hierdie onderwerp**:
*Want die Skrif sê aan Farao: Juis hiervoor het Ek jou laat optree (Farao), dat Ek (Yahweh) in jou my krag kan toon (deur jou dood te maak) en dat my Naam verkondig kan word op die hele aarde. So is Hy dan barmhartig oor wie Hy wil (die Israeliete) en Hy verhard wie Hy wil (Farao en sy volk). Jy sal dan vir my sê: Waarom verwyt Hy dan nog, want wie het sy wil weerstaan?*

So — hoe werk dit met die Egiptenaar en die Israeliet? **Hoekom verhard Hy die een en ontferm Hom oor die ander?**

**Romeine 9:20**
*Maar tog, o mens, wie is jy wat teen God antwoord? Die maaksel (dis nou ek en jy) kan tog nie vir die maker sê: Waarom het u my so gemaak nie?*

**Voorbeeld 1:** *"Nee, Vader, U mag nie. As daar staan 'So lief het God die wêreld gehad', maar **sluit die ander uit**, is die verkeerd — dit móét **almal wees.** Dit is nie net **U eie mense** in die wêreld nie, dit móét **al die mense** van die wêreld wees."*

**Voorbeeld 2:** *"Hoekom het U my 'n Egiptenaar gemaak?"*

**Romeine 9:21**
*Of het die pottebakker nie mag oor die klei, om uit dieselfde klomp die een voorwerp tot eer en die ander tot oneer te maak nie?*

Maar ek en jy het baie te sê, en die wêreld verkondig 'n vals evangelie.

Omdat God net Sy eie mense in die wêreld lief het, volgens Homself, en net vir hulle die offer gebring het, kan net hulle gered word deur om in Hom te glo.

*...Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat **elkeen wat in Hom glo** nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.*

Wie kan in Hom glo? Net die vir wie Hy die offer gebring het, kan dit glo. Wat moet ek glo? Ek moet glo dat Hy vir my die offer gebring het.

---

As ek glo dat wanneer die rykste ou in Suid-Afrika dood gaan, ek al sy goed gaan erf, gaan ek dit dan erf? Ek gaan nie, die **erfgenaam** gaan dit erf. Met ander woorde, as God gesterf het **vir sekere mense**, naamlik **Sy volk**, en jy is 'n Egiptenaar, jy is die voorwerp tot oneer, kan jy dit glo en dan gaan jy erf? Nee! Jy **kan dit juis nie glo nie**, want dit is nie vir jou gesê nie. Maar, as jy 'n **Israeliet is**, **is dit vir jou** gesê. En as **jy** dit glo, en jou met jou God versoen, **sal jy gered word**.

En ek kyk hoe ver staan **Johannes 3:16** nou van wat ons nog altyd gedink het daar staan.

---

As hierdie inligting te veel is, en jy voel jy is nou net gewelddadig deurmekaar, lees dit weer. Maak die saak uit — jy moet tot 'n gevolgtrekking kom, jy moet **Johannes 3:16** **self** kan verklaar en nie net 'n afleiding maak nie.

God se **Nuwe Verbond** stel Sy **eie mense** in staat om **weer gebore** te word en daardeur die **Koninkryk van God** in te kan gaan. Maar, Sy verbond was net met **Sy eie mense**, en die **Nuwe Verbond** is nou **ook** met Sy eie mense — dit is ook weer 'n begrip wat vêr weg staan van wat vandag verkondig word.

Daar word gesê: *"Die **Ou Verbond** was met die Israeliete, en die **Nuwe Verbond** is met die gelowiges."*

Jy kan **nie 'n gelowige word sonder 'n verbond nie**. Die verbond maak van jou 'n gelowige. So, as daar nie met jou 'n verbond gemaak is nie, kan jy nie **weer gebore** word nie. Wedergeboorte maak jou nie deel van die verbond nie, jy moet **eers** deel van die verbond wees om **wedergebore** te kan word — om die **ewige lewe** te kan beërwe.

Wat was eerste? **Die verbond**, en toe die offer.
Wat was eerste? **Die verbond**, en toe die verlossing.

Sjoe — dit verskil hemelsbreed van wat verkondig word!

Wat is die **Nuwe Verbond**? Dat **my siel gered kan word deur Yahshua**, omdat ek met Hom 'n verbond het.

Dit is die **Nuwe Verbond** is **nie**: *"Omdat ek 'n gelowige is, kan ek nou gered word"* nie — dit is sinneloos, wat van 'n verbond is dit?

Die verbond **stel my in staat** om gered te word. As ek reeds gered is — hoekom het ek 'n verbond nodig?

***"Om wat te doen?** Ek is dan gered?"*

God se Nuwe Verbond stel Sy eie mense — die uitverkorenes, die gekiesde Israeliete — in staat om weergebore te word en daardeur die Koninkryk van God in te kan gaan.

**Bedoelende**: As jy nie deel van die Nuwe Verbond is **deur geboorte** nie, kan jy nie weer 'n keer gebore word nie — jy moet van 'n sekere **geslag** wees.

**Wie is hierdie geslag?** Dit is **Sy eie mense** wat Hy liefhet — en Hy maak vir **húlle** 'n weg na saligheid. En vir hulle **gee Hy die Nuwe Verbond** en Hy sê: *"As jy jou met My dood vereenselwig en in My weer 'n keer gebore word, sal jy die Koninkryk beërwe."*

---

Die **Ou Verbond** was net met **Sy eie mense**, en die **Nuwe Verbond** is ook net met **Sy eie mense**.

**Inligting oor Sy eie mense:**
Sy eie mense was **voor die grondlegging van die aarde af bepaal**, en is vergestalt in die nageslag van Abraham, Isak en Jakob — en hulle nageslag: die **uitverkore Israeliete**.

Jy is nie 'n uitverkorene omdat jy 'n Israeliet is nie, maar jy is 'n Israeliet omdat jy uitverkore is.

**Hiërargie:**
Wat was eerste?

Was jy eers 'n Israeliet gebore, en toe word jy uitverkorene?

Of:

Was jy voor die grondlegging van die aarde uitverkies deur God, en toe word jy gebore as 'n Israeliet?

Dit is nou die **derde ding** se orde wat verkeerd is.

**Wat was eerste?** Die liefde was eerste en toe die offer. En in hierdie geval? Die uitverkiesing was eerste, en toe word jy gebore as 'n Israeliet — ons name is geskryf in die **Boek van die Lewe vóór** die grondlegging van die aarde.

---

Die **Nuwe Verbond:** Meeste van die mense wat nie glo nie aan Sy liefde vir **Sy volk**, kan die vers uit hulle kop uit sê, maar die toepassing hiervan is vir hulle **heeltemal vreemd**.

**Hebreërs 8:8**
*Want Hy berispe hulle en sê: Kyk, daar kom dae, spreek die Here, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond tot stand sal bring...*

Hoe moeilik is dit om te dit te verstaan? *"As julle nie soos kindertjies word nie, sal julle nie die Koninkryk van God ingaan nie."* Hoe sal 'n kind hierdie verstaan?

...*Want Yahweh **berispe hulle*** — wie is hulle? Die tien stamme en die twee stamme.

En Hy sê: ...*Kyk, daar kom dae, spreek die Here, dat Ek met die huis van Israel (die tien stamme) en die huis van Juda (die twee stamme) 'n nuwe verbond tot stand sal bring...*

**Hoe moeilik is dit om te verstaan?** Glad nie. Dit ís wat daar staan.

Wat sê die wêreld? *"Die Nuwe Verbond is met die geredde mense."* **Waar** staan dit? Nêrens — die **Satan** het dit uitgedink, en hy het dit vir ons gepropageer deur al sy luidsprekers wat hierdie wêreld vol is. Ons het dit geglo, en dit het ons harte gevul — en nou word ons moeilik van iets anderste oortuig.

**Met wie is die Ou Verbond gesluit?** Dit het by die berg Sinai gebeur. Die huis van Israel en die huis van Juda, die **twaalf stamme van Israel**.

**Met wie is die Nuwe Verbond gesluit?** Met die selfde mense as wat die ou verbond mee gesluit was.

**Vir wie het Hy lief gehad toe Hy gesterf het aan die kruis?** Vir hulle, die **huis van Israel** en die **huis van Juda**.

**Hebreërs 8:8-9**
*Want Hy berispe hulle en sê: Kyk, daar kom dae, spreek die Here, dat Ek met die **huis van Israel** en die **huis van Juda** 'n nuwe verbond tot stand sal bring, nie volgens die verbond wat Ek met **hulle vaders** gemaak het op die dag toe Ek hulle aan die hand geneem het om hulle uit Egipteland uit te lei nie; want hulle het nie gebly by my verbond nie, en Ek het hulle veronagsaam, spreek die Here.*

*...nie volgens die verbond wat Ek met **hulle vaders** gemaak het nie...*

Die **vaders** is die mense van die **Ou Verbond**.
Die **kinders** van híérdie **vaders** is die mense van die **Nuwe Verbond**.

Het daar **ander** by gekom. Nee, daar het nie. As jou pa nie by die berg Sinai was met die **Ou Verbond** nie, is jy nie deel van die **Nuwe Verbond** nie. As jou pa nie **Jakob** is nie, as jy nie jou geslagsregister kan terugtrek tot by die **aartsvaders** nie, is jy nie deel van die nuwe verbond nie. Dit is wat daar staan.

**Hebreërs 8:10**
*Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die **huis van Israel**, spreek die Here: Ek sal my wette in **hulle** verstand gee en dit op **hulle** hart skrywe; en Ek sal vir **hulle** 'n God wees, en **hulle** sal vir My 'n volk wees.*

Is hier 'n Egiptenaar of 'n Edomiet hier by? Ons is nou by Hebreërs, dit is ná die kruis. Die **Nuwe Verbond** is met die **huis van Israel**.

Yahshua is die Christus, Hy is die Koning van die Israel, Hy het gesterf vir Israel.

Is daar ander christusse ook? Ja, daar is baie antichriste, soos Johannes sê:

**1 Johannes 2:18-19**
*Kinders, dit is die laaste uur; en soos julle gehoor het dat die Antichris kom, bestaan daar ook nou **baie antichriste**, waaruit ons weet dat dit die laaste uur is. Hulle het van ons uitgegaan, maar hulle was nie van ons nie; want as hulle van ons was, sou hulle by ons gebly het; maar dit moes aan die lig kom dat hulle nie almal van ons is nie.*

Wie is hierdie baie **antichriste?** *Hulle is die konings van al die volke, hulle is die verlossers van al die volke, hulle het gesterf vir al die volke.*

Yahshua is nie die koning van ál die volke nie, Hy is die Verlosser van die Israel — Hy het gesterf vir die Israeliete. Hoe weet ek dit? Aan die Woord van God.

Die nuwe verbond is met die Israel, Hy is die Middelaar van die Nuwe Verbond — so, Hy is die Middelaar van Israel. Die Verbond is tussen God en die uitverkorenes, dié vir wie Hy liefhet.

---

Die hartseer van die eeue is dat die Satan dit reggekry het dat die verkondigers van die boodskap van verlossing reeds van vroeg af mislei was, met 'n valse evangelie wat sekere verse buite konteks aanhaal, en toe 'n valse evangelie aan die hele wêreld verkondig het, en nie net aan Sy eie mense ín die wêreld nie.

Die gevolg? Baie word geroep, maar min is uitverkies. Wat is die hartseer? Dat van die begin af die invloed van die Satan se kant af gekom het om dié wat gegaan het om die evangelie te verkondig, te mislei. Hulle het geglo dat die evangelie van verlossing vir almal is, en nie net vir die twaalf stamme van Israel nie.

---

En natuurlik het die kerk dit vervolmaak — Konstantyn is die bron van dit alles. En hierdie valse evangelie het oor die wêreld versprei.

**Matthéüs 22:11-13**
*En toe die koning ingaan om na die gaste te kyk, sien hy daar iemand wat nie 'n bruilofskleed aan het nie. En hy sê vir hom: Vriend, **hoe het jy hier ingekom sonder 'n bruilofskleed aan?** En hy kon geen woord sê nie. Toe sê die koning vir sy dienaars: **Bind sy hande en voete, neem hom weg en werp hom in die buitenste duisternis.** Daar sal geween wees en gekners van die tande. Want **baie is geroep**, maar **min uitverkies**.*

Hierdie Koning is nie 'n gewone koning nie. Dit is dié Koning wat jou in die buitenste duisternis kan werp.

En vandag word baie geroep, maar min is uitverkies. Wat beteken dit? Presies net wat dit sê: ***baie word geroep, maar min is uitverkies.***

Ons gaan die wêreld in en roep almal, maar slegs die twaalf stamme is uitverkies — en meeste mense weet nie eens wie die twaalf stamme is nie. Hoe sal ons weet aan wie om die sendingwerk te doen as ons nie eens weet wie die kinders van God is nie?

**Psalm 147:19**
*Hy maak aan **Jakob** sy woorde bekend, aan **Israel** sy insettinge en sy verordeninge. So het Hy aan **geen enkele nasie gedoen nie**; en sy verordeninge, dié ken hulle nie. Halleluja!*

Hier lees ons: "*Hy maak aan **Jakob** sy woorde bekend...*"

Wie is Jakob? Sy pa was Isak en sy oupa was Abraham. Jakob het twaalf seuns gehad — hulle is die twaalf stamme van Israel. En dáárdie volk is die Israeliete.

Vader sê: *"Ek maak aan Jakob my woorde bekend..."* As jy nie deel is van Jakob nie, dan maak Hy nie sy woorde aan jou bekend nie. Dit is nie dat jy nie akademie kan hê nie — jy kan wiskunde, wetenskap, Bybelkunde, aardrykskunde, geskiedenis verstaan, en selfs 'n doktorsgraad hê in teologie. Maar dit beteken nie dat die lewende Woord van God vir jou oopgemaak is nie.

Baie predikers is lief om te praat van die "reëma-woord" — die openbarende Woord van God, en hulle spreek dit uit oor álmal, en hulle dink álmal gaan dit hoor, maar Vader sê: *"Ek maak aan Jakob my woorde bekend..."*

As jy nie deel is van Jakob nie, sal dit nooit aan jou bekend word nie — jy sal net reëls volg: reël op reël, gebot op gebot, hiet 'n bietjie, daar 'n bietjie, raak nie, smaak nie, roer nie aan nie — en dit is baie goeie moraliteit en godsdiens, en dit hou ons besig. Maar, jy sal sién wat Hy sê nie. Jy sal nie sien wat **Johannes 3:16** sê as jy nie deel is van Jakob is nie.

Hartseer genoeg verstaan meeste van Jakob se nageslag nie die woord van God nie. Hulle is gebreinspoel.

As jy jou tyd wil mors, gaan met Sy insettinge en verordeninge en Sy verlossingsplan na mense toe wat nie Sy eie mense is nie.

Aan wie openbaar Hy sy Woord? Aan Jakob — "*Hy maak aan Jakob sy woorde bekend...*"

Die kruis het niks verander aan wie Sy volk is nie, dit het net verseker dat hulle siele gered kan word. Sy gesindheid teenoor ander mense het nie verander nie. Sy liefde het nie verander nie. God kan nie verander nie.

Jy word nie 'n kind van God as jy weergebore is nie. Jy **is** 'n kind van God — van nature, van geboorte. Maar jy gaan verlore as jy jou nie met Hom versoen nie.

As jy nie een van sy eie mense is nie, mors jy jou tyd. Want God sê wat Hy sê — van voor die grondlegging van die aarde af. Maar, daardie uitverkiesing beteken nie jy gaan die koninkryk binne nie, dit beteken jy is sy kind Maar, jy is verlore, tensy jy jou met Hom versoen.

Sy hand is nog oop. Sy aanbod staan nog. Maar, wanneer ek sterf, of wanneer Sy koninkryk gekom het, dan is Sy aanbod verstreke, en jy is vir ewig verlore. Waarom? Want sy geregtigheid bepaal dit. Hy **is** geregtigheid. Hy **is** liefde. Op hierdie stadium is Hy nog lankmoedig, maar Hy kom terug — om te oordeel.

Ons is geprogrammeer deur hierdie wêreld. Ons is gebreinspoel met die evangelie wat nie God se evangelie is nie. Satan het 'n goeie werk gedoen — maar ons kan loskom.

Petrus sê: *"Bekeer jou en laat jou doop, en jy sal die gawe van die Heilige Gees ontvang."*

Wat bedoel hy met bekeer? *Gaan kyk wat is daai verrotte dele in jou brein, en haal dit uit. Dit is die oorlewering van die ou mense, dit is die suurdeeg van die Fariseërs en skrifgeleerdes — dit laat jou hel toe gaan.*

Beskou dit as **drek**, sodat jy die uitnemendheid van Christus kan verkry, sodat jy jou aan die gesag van God kan onderwerp en Hom kan eer as die enigste Waarheid.

En as jy iets of iemand bo Hom kies — selfs jou kerk — is jy Hom nie waardig nie.

Ons kan almal vir mekaar vinger wys en sê: "Jy is verkeerd!" Maar, ons is almal op die Titanic, en hy is besig om te sink.

Daar is net **een** manier om gered te word, en dit het niks met ander mense uit te waaie nie. Dit is tussen **my** en God — ek moet **my** met Hom versoen.

As mense met my verskil, en ek glo God vir wat Hy sê, laat hulle verskil — hulle het met Yahshua verskil. Dink daaraan: die mense het met die Waarheid self, verskil — hulle het Hom doodgemaak!

En nou skielik is almal reg, nou glo almal die waarheid? Dit doen nie. Almal glo nog steeds die leuen. Ek en jy kan nog vrykom uit die kerker uit, want die waarheid maak ons vry.

Rom 11:33 *o Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë!*
Rom 11:34 *Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees?*
Rom 11:35 *Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word?*
Rom 11:36 *Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.*

# Hoofstuk 2 – Hóé lief het God die wêreld gehad?

**Kernidee:** **Johannes 3:16** het 'n **volgorde**: **liefde eers**, **offer daarna**. Die "wêreld" word gelees as **plek** waar **God se eie mense** is; nie as "alle mense" nie. Daarom: Christus se offer vloei uit **voorafbestaande liefde vir Israel**.

### Hoofargumente:

- **Ken God se weë uit die Bybel, nie uit oorlewering nie** (Eks. 33; Ps. 95; Heb. 4; Rom. 10:17). Wanneer "wêreld = almal" as vertrekpunt dien, word die res van die Skrif daaraan ondergeskik.
- **Antichriste** = valse redders/'n valse Christus-beeld wat 'n **universele** liefde en versoening leer (1 Joh. 2; Joh. 16).

### Drie leidende stellings:

1. **God se liefde verander nie** (Jes. 41:4). Die kruis **het nie** Sy liefde wyer gemaak; Hy **roep/trek** wie Hy wil (Joh. 6:44,65) en fokus op **verlore skape van Israel** (Joh. 10:16).
2. **God het nie almal lief nie; Hy haat selfs sommiges** (Mal. 1:2–5). Sy toorn teen Edom is "tot in ewigheid".
3. **Wedergeboorte/Die Gees is vir dié wat Hy liefhet**—die **kroos van Jakob** (Jes. 44:1–4; Hand. 2:38 as vervulling binne Israel).

### Hoe lyk daardie liefde?

- OT-getuienis: **verkiesing en verbond met Israel** (Deut. 7:6–8; 10:15; 33:2–3; Hos. 11:1–9).
- NT-bevestiging: Christus **gestuur vir Sy volk** (Matt. 1:21; 2:6), **bediening beperk** (Matt. 15:24).
- Praktiese gevolg: **"Elkeen wat in Hom glo"** verwys na dié **vir wie die offer bedoel is**—Sy volk.

### Verbondslinie:

- **Nuwe Verbond = met huis van Israel en Juda**, soos die Ou Verbond (Jer. 31:31–34; Heb. 8:8–10).
- God verwerp Sy volk **nie**; hulle **bestaan as volk** so seker soos son/maan/see (Jer. 31:35–37).

### Koningskap & Verlossing:

- God is **Koning oor die hele aarde**, maar Sy **liefde** rus **op Jakob** (Ps. 47).
- Christus kom "om **aan Israel** bekering en vergifnis van sondes te skenk" (Hand. 5:30–31); Paulus se hoop: **"die hoop van Israel"** (Hand. 28:20).

### Appèl:

- Weier "programmering"; **weerstaan verharding**; kies om **God meer te gehoorsaam as mense** (Hand. 5:29).
- Lees Joh. 3:16 **chronologies**: **Liefde (vir Sy volk) → Stuur die Seun → Geloof → Lewe**.

**Slot:** "So lief het God die **wêreld** (plek) gehad" = **intense, onveranderlike liefde vir Jakob/Israel** in daardie wêreld; daarom die **offer**—sodat **elkeen van Sy eie** wat glo, **nie verlore gaan nie maar die ewige lewe het**.

## Die studie...

*"Want so lief het God die wêreld gehad..."* het 'n volgorde. Hy het eers liefgehad, en toe het Hy Sy Seun gegee.

En op grond van daardie beginsel gaan ons nou vêrder kyk wat ons nog verkeerd verstaan het — elke volgende Skrif moet daaraan gekoppel word, want ons het die hele beginsel verkeerd verstaan.

**En nou is die vraag:** Hóé lief hét God Sy eie mense in die wêreld gehad? Ons lees hierdie Skrif: *"Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het..."*, en dan gaan die klem heeltemal oor na die wêreld en die mens...

Hoe groot is daardie liefde? Dien ons die God van die Bybel, of dien ons die wêreld se weergawe van Hom?

---

Dit wat ons in hoofstuk een gesien het, is radikaal met betrekking tot dit wat die wêreld verkondig. Ek sê dit so baie, maar 99.9% van die kerke, hoe ernstig hulle ook al mag wees, sal as jy vandag na hulle toe gaan en jy vra: *"Want so lief het God die wêreld gehad"* — wat beteken dit? Dan sal hulle antwoord: *"Die mense in die wêreld, almal."*

Maar ons het nou gesien dit is Sy eie mense in die wêreld, en die wêreld is 'n plek.

---

So, ken ons God soos die Bybel Hom beskryf, of ken ons God soos die wêreld Hom beskryf?

**Exodus 33:12** — dit is Moses, dit is aan die einde van sy lewe nie, en hy bid vir die volk en hy sê:
*Toe het Moses met die HERE gespreek: U sê nou wel aan my: Ek moet **hierdie volk** laat optrek, maar U laat my nie weet wie U saam met my sal stuur nie, hoewel U gesê het: Ek ken jou by die naam, en jy het ook genade in my oë gevind.*

Vader sê vir Moses: *"Ek ken jou by die naam, en jy het ook genade in my oë gevind."*

**Exodus 33:13**
*As ek dan nou genade in u oë gevind het, maak my dan tog u weë bekend, dat ek U kan ken; sodat ek genade in u oë kan vind. En bedink tog dat **hierdie nasie u volk is**.*

Dit is Moses se gebed: *"As ek dan nou genade in u oë gevind het, maak my dan tog u weë bekend..."*

Wat bedoel Moses?: *"Laat my U ken vir wie U is. Openbaar aan my wie U is."*

En dit is waarby ons moet kom, om vir Vader te sê: *"Maak my dan tog U weë bekend..."*

En waar gaan luister ons wat Sy weë is? By die wêreld, of by Hom?

Het ons 'n keuse? Ja, ons het. *"By die wêreld"* beteken ek gaan luister daar buite, na wie ook al homself wat ook al noem: of dit nou "priester" of "profeet" of "ouderling" of "predikant" of "dominee" of "pastoor" is – en hulle leer my God se weë? Of, ek kan by God leer.

Hoe leer ek by Hom? Die Bybel — ons het die Bybel — en dit is my keuse.

Kan ek daar buitekant gaan leer? Nee, jy kan nie. Hoekom nie? As daar vyftig-duisend opinies is en hulle verskil van mekaar... kan ek God se weë leer ken? Kan ek Hom leer ken? Nee, jy gaan een van die vyftig-duisend opinies kry van Hom.

*"...dat ek U kan ken..."*

Iemand sê vir my: *"Hy is Skepper van hemel en aarde."* — ken ek Hom dan? Nee, ek weet van Hom niks! Ek moet Sy weë leer ken, sodat ek Hom kan ken, *"sodat ek genade in u oë kan vind..."*

**Psalm 95:8-11** — Vader sê vir ons:
*Verhard julle hart nie soos by Mériba, soos op die dag van Massa in die woestyn nie; waar **julle vaders** My versoek het, My beproef het, alhoewel **hulle** my werk gesien het. Veertig jaar het Ek 'n afkeer gehad van **hierdie geslag** en gesê: Hulle is **'n volk** met 'n dwalende hart, en **hulle ken my weë nie**; sodat Ek in my toorn gesweer het: Waarlik, hulle sal in my rus nie ingaan nie!*

---

As jy **Johannes 3:16** lees: *"Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê"*, en *"die wêreld"* is vir jou **al die mense van die wêreld**, dan het jy God se weë nie leer ken nie, want jou evangelie is een vers. En die res van die Bybel breek jy af, verander jy, om by **daardie vers** aan te pas, in plaas van om **die hele Bybel** te lees en te sien hoe jy **daardie vers** moet verstaan.

En dan is jy deel van 'n volk met 'n dwalende hart: *Dan glo ek dit, en dan glo ek dat…* — hang net af van watter ou preek die mooiste en hardste en duidelikste — *en ek glo daai ou.* **Dwalende hart…**

Die gevolg: *"…sodat Ek in my toorn gesweer het: Waarlik, hulle sal in my rus nie ingaan nie!"*

---

As ons na **Hebreërs** toe gaan, dan verduideliking dit vir ons hierdie ***"rus"*** is die ewige lewe.

**Hebreërs 4:3**
*Want ons wat **geglo het**, gaan die rus in, soos Hy gesê het: Daarom het Ek in my toorn gesweer, hulle sal in my rus nie ingaan nie—alhoewel sy werke van die grondlegging van die wêreld af volbring is.*

Hulle kon deur o**ngeloof** nie Sy rus ingaan nie.

Wat beteken ongeloof? Dit beteken ek glo iets anders as wat ek veronderstel is om te glo — *ek het nie geloof in dit wat ek moet glo nie.*

Wat is geloof? Dit is wie God is, ek glo Hom vir wie Hy is. En waar kry ek daardie geloof?

**Romeine 10:17**
*Die **geloof** is dus uit die **gehoor**, en die **gehoor** is deur **die woord van God**.*

*"Maar ek het my eie weergawe van die Woord van God, en ek het my eie weergawe van wie God is"* — en dan? Jy sal nie in Sy rus kan ingaan nie.

*"…Verhard julle hart nie…"* — die oomblik as iemand vir jou sê: *"Dit is nie soos wat jy glo dit is nie — dit wat jy glo is oorlewering…"*, wat doen jy dan? Jy verhard jou hart.

Iemand sê vir jou: *"Jy verstaan dit verkeerd."* Dan verhard jy jou hart.

Vader sê: *"Moenie julle harte verhard nie."*

**1 Johannes 2:18**
***Kinders**, dit is die laaste uur; en soos julle gehoor het dat die **Antichris** kom, bestaan daar ook nou baie **antichriste**, waaruit ons weet dat dit die laaste uur is.*

Wat is 'n Antichris? *"O, dit is die ou wat aan die einde kom en die hele wêreld gaan beheer…"* — nee, dit is nie die Antichris nie.

Wat is 'n Christus? 'n Christus is 'n Verlosser, 'n Redder. Van wat? Van my siel.

Wat is antichriste? Dit is valse redders. Van wat? Van my siel. Wat is 'n valse redder?: *"Ek wag vir die Christus om my siel te red"*, en wie sê ek is Hy? Is my beeld van Hom dieselfde as wie Hy is? Indien nie, dan het ek 'n Antichris, 'n valse redder, beet.

Nou sit en wag ons vir ***'die laaste dae'*** — wie het gesê dit gaan gebeur? Die pous — en dan gaan die Antichris kom.

Hier sê **Johannes**, drie-honderd jaar voor die eerste pous: *"Kinders, dit is die laaste uur; en soos julle gehoor het dat die Antichris kom, bestaan daar ook nou baie antichriste..."*

**BAIE** antichriste... Kan ek maar sê: **vyftig duisend** — elkeen het sy eie beeld van die Antichris.

Weet ons wie God is? Is dit belangrik om te weet wie God is? Sal die Antichris my siel kan red?

**Johannes 16:1-2**
*Hierdie dinge het Ek vir julle gesê, sodat julle nie mag struikel nie. Hulle sal julle uit die **sinagoges** (daai tyd se kerke) ban. Ja, daar kom 'n uur dat elkeen wat julle om die lewe bring, sal dink dat hy 'n diens aan God bewys.*

Die sinagoge, die kerk, kom en hy maak jou dood omdat jy ***'verkeerde'*** dinge praat, en hulle dink hulle doen God 'n guns.

**Johannes 16:3**
*En dit sal hulle aan julle doen, (hoekom?) omdat hulle **die Vader nie ken nie en My ook nie**.*

Wie? Die gelowiges van hierdie wêreld — die gelowiges van ons tyd, die Christene van ons tyd — sal die ware gelowiges, dié wat glo in die regte Christus, om die lewe bring, en dink hulle doen God 'n guns. Hoekom? **Omdat hulle die Vader nie ken nie... en Yahshua ook nie.**

Wie ken hulle? 'n Ander christus.

Wie se Verlosser is Hy? "Dat Hy sy eie mense in die wêreld liefhet, en die ander mense in die wêreld nie lief het nie. Dit is Sy **eie mense** wat Hy liefhet — en dit is die ware Christus.

Wat sê die wêreld? *"Nee, dit is nie so nie. Jy kan nie so 'n persoon aanbid nie, ons sal jou doodmaak! En ons sal God 'n guns doen as ons jou doodmaak..."*

God se liefde is anders as wat deur hierdie wêreld aan ons geleer word.

Wat sê die evangelie van die wêreld, en wat sê God self? Dit is die evangelie van die wêreld **versus** wat God self sê.

**Hoe is God se liefde vir hierdie mense van Hom in die wêreld?** Ons wil sien wat is Sy liefde. Drie punte:

---

**Eerste punt:** God se liefde het nie verander by die kruis nie, want dit **kan nie** verander nie. God word nie lief vir iemand nie — Hy **is** lief vir iemand of Hy **is nie** lief vir iemand nie, van die begin af. Dit is 'n begin van God, God se liefde het nie verander by die kruis nie.

Die evangelie van vandag **is gebaseer daarop** dat sy liefde **verander het** by die kruis.

**Voor die kruis:** net lief vir die Israeliete, vir die uitverkore volk.
**Na die kruis:** nou is Hy skielik lief vir almal?
Hy **kan nie** — Hy **is** wat Hy **is**, En Hy **is liefde**. Sy liefde **kan nie verander nie**, want dan verander Hy.

Dit is 'n **valse evangelie** om te sê God het begin lief raak vir mense ná die kruis.

**Jesaja 41:4**
*Wie het dit gedoen en tot stand gebring? Hy wat die geslagte roep van die begin af; Ek, die HERE, **die Eerste**, en by **die laaste** is Ek **dieselfde** (Ek kan nie verander nie).*

Hy roep die geslagte, en Hy roep **ander** geslagte nie. Hy is **dieselfde**. Hy **verander nie**. Die kruis het Hom nie verander nie, hoe sou die kruis Hom verander het? Wat by die kruis het Hom verander?

**Johannes 6:44** — (hier is dit Yahshua self wat praat):
***Niemand** kan na My toe kom as die Vader **wat My gestuur het**, hom nie **trek** nie (Hy wat die geslagte roep van die begin af); en Ek sal hom opwek in die laaste dag.*

Yahshua praat met 'n menigte daar voor Hom, en Hy sê: "*Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie...*"

Wat beteken dit? Die behoefte wat jy in jou hart het vir God — die **ware** God — **kom van Hom af**. Hy **trek** jou.

Hoekom trek Hy jou? Want Hy **het jou lief**, jy **is** Syne — jy word nie Syne **as** jy jou bekeer het nie, jy **is reeds Syne** — maar jy steur jou nie aan Hom nie. En dan **trek** Hy jou.

Dan het jy 'n keuse: *"Ja, ek wil..."* of *"Nee, ek wil nie..."*

As jy sê *"ja, ek wil"*, **dan versoen jy jou met God.** Jy ís Sy kind, jy is 'n verlore kind.

**Johannes 10:16**
*Ek het nog **ander skape** (verlore skape, verlore kinders) wat nie aan hierdie stal behoort nie. Ek moet **hulle** ook lei, en **hulle sal na my stem luister**, en dit sal wees **een kudde, een herder**.*

God het Hom **met jou versoen**, nou moet **jy** jou met Hom versoen. Dit beteken: jy was eers by Hom, en toe word jy verlore. Die versoening is nie vir enige iemand daar buite nie, dit is vir die wat Hy **van die begin af** getrek het.

*"Hy wat die geslagte roep van die begin af..."*

Nou kom Yahshua en Hy roep weer, en daar is sommiges wat daar rondstaan, wat kommentaar lewer, en Hy sê: *"Maar julle **kan in elk geval nie kom,** as My Vader wat My gestuur het, julle nie trek nie."*

*"En as jy kom en jy versoen jou met My, dan sal Ek jou opwek in die laaste dag."*

**Johannes 6:65** — Dit is Yahshua wat praat, dit is dieselfde gedeelte, Hy gaan net aan:
*En Hy sê: Om hierdie rede het Ek vir julle gesê dat **niemand** na My toe kan kom as dit hom nie **deur my Vader gegee** is nie.*

**En wat is die reaksie?** *(***Want so lief het God die wêreld gehad***)*

Sien hierdie prentjie: Yahshua staan daar, Hy praat met 'n skare. Hy sê **vir daardie selfde skare**: *"Om hierdie rede het Ek vir julle gesê dat niemand na My toe kan kom as dit hom nie deur my Vader gegee is nie..."*

**Hoe reageer hulle?**

**Johannes 6:66**
*Hieroor het baie van sy dissipels teruggegaan **en nie meer saam met Hom gewandel nie**.*

Wat gebeur **vandag** as jy vir iemand sê: *"God het nie almal lief nie"*? Wat doen die skare?

**Dieselfde:** *"Hulle het teruggegaan en nie meer saam met Hom gewandel nie."*

**Johannes 6:67**
*Toe sê Jesus vir die twaalf: **Wil julle nie ook weggaan nie**?*

Was Hy verleë, of is die skare verleë? Nee — **Hý is nie verleë nie. Hy is die Redder, en die skare is dié wat verlore is** — en hulle loop weg...

**Johannes 6:68**
*En Simon Petrus antwoord Hom: Here, **na wie toe sal ons gaan** (wat is ons alternatief)? U het **die woorde van die ewige lewe**.*

En hier is waar ons nou moet kom: as die woorde vir hard is, en jy kan nie daarna luister nie — dit skop teen jou, onthou wat het Petrus gesê in hierdie situasie.

Wat is die woorde van die ewige lewe? Hy trek nie almal nie.

As ek nie daarvan hou nie, dan loop ek weg. Anderster luister ek, en ek sal **opgewek word** in die laaste dag.

Ek kan Hom nie manipuleer nie, Ek kan nie Yahshua tot ander insigte bring nie, Hy is die Almagtige.

---

**Tweede punt:** God het nie almal lief nie, en haat selfs sommiges...

Wie is ons om anders te sê? Wat sê die wêreld? *"So lief het God die wêreld gehad..."*

**Maleági 1:1-3**
*Godspraak. Die woord van die HERE **aan Israel** deur die diens van Maleági. Ek het **julle liefgehad**, sê die HERE. Nogtans vra **julle**: Waarin het U **ons liefgehad**? **Is Esau nie die broer van Jakob nie?** spreek die HERE. **Tog het Ek Jakob liefgehad**, maar **Esau** het Ek **gehaat** en sy gebergte 'n wildernis gemaak en sy erfdeel aan die jakkalse van die woestyn prysgegee.*

Is dit enigstens deel van die inligting van ons geestelike lewe dan God Esau gehaat het? Esau is Jakob se broer, dit is twee broers, die is 'n tweeling — God sê: "*die een het Ek liefgehad, en die ander een het Ek gehaat...*"

Maar nou sê ons Sy liefde het verander by die kruis. Het Sy liefde verander by die kruis? Waarom sou dit verander het?

**Maleági 1:4**
*As Edom (Esau se nageslag) sê: Ons is wel verwoes, maar ons sal die puinhope weer opbou—dan sê die HERE van die leërskare dit: **Laat hulle bou, Ek breek dit tog af**; en die mense sal hulle (die Edomiete) noem: Grondgebied van **goddeloosheid**, en: Die volk waarop die HERE **vertoornd** is **tot in ewigheid!***

Het Sy liefde verander by die kruis? Indien wel, dan was die kruis die einde van die ewigheid: *"Want Ek is vertoornd op Edom tot **in ewigheid...**"*

Is ons nog deel van die ewigheid, of het die ewigheid verbygegaan? Want, Hy is toornig op Edom tot in ewigheid.

Dit is 'n vreemde god, dit is 'n god wat ons nie ken nie. Ons aanbid 'n Antichris, god van liefde wat net alles aanvaar — valse liefde, liefde van geen reëls; *maak net wat jy wil, jy sal vergewe word*, dit is net oop vir enigiets en enigiemand — dit is 'n ander christus, dit is 'n christus van losbandigheid.

---

**Derde punt:** Wedergeboorte is net vir die wat Hy liefhet, want Hy gee Sy Gees net aan hulle.

Weet ons dit? Wedergeboorte is nie vir almal nie. Wat is wedergeboorte? Dit is die pad na saligheid:

**Johannes 3:3**
*Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie **weer gebore** word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.*

Nou gaan ons en ons verkondig wedergeboorte aan almal. Kan ons?

**Jesaja 44** sê wedergeboorte is net vir dié wat Hy liefhet, want Hy gee Sy Gees net aan hulle.

**Handelinge 2:38**
*En Petrus sê vir hulle: Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang.*

Wanneer kry ons die Heilige Gees? Ná bekering, ná doop. Wie kry dit? *"Nee, almal!"* Is dit so? Wat sê God?

**Jesaja 44:1-2**
*Maar luister nou, my kneg **Jakob**, en **Israel** (let op met wie Hy praat) wat Ek **uitverkies** het! So sê die HERE, jou **Maker en jou Formeerder** van die moederskoot af, wat jou help: Wees nie bevrees nie, **Jakob**, my kneg, en **Jesúrun** wat Ek **uitverkies** het!*

---

**Hier het 'n uitverkiesing plaasgevind:**

**Deuteronómium 7:6**
*Want jy is 'n volk **heilig** aan die HERE jou God; jou het die HERE jou God **uitverkies** om uit **al die volke** wat **op die aarde is**, sy **eiendomsvolk** te wees. Die HERE het 'n **welgevalle** aan julle gehad en julle **uitverkies**, nie omdat julle meer was as al die ander volke nie, want julle was die geringste van al die volke. **Maar omdat die HERE julle liefgehad** en die **eed gehou** het wat Hy vir **julle vaders** gesweer het, het die HERE julle met 'n sterke hand uitgelei en jou uit die slawehuis, uit die hand van Farao, die koning van Egipte, verlos.*

↑**Jesaja 44 verwys na húlle**↑

---

**Jesaja 44:3**
*Want Ek sal water giet op die dorsland en strome op die droë grond; Ek sal my Gees op jou kroos giet en my seën op jou nakomelinge.*

Waarna verwys dit? Die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag in **Handelinge 2**, wat ons so goed ken. Maar almal verkondig dit asof dit aan almal gegee is.

Vir wie sê God is dit? "*Maar luister nou, my kneg **Jakob**, en **Israel** wat Ek **uitverkies** het! Ek sal my **Gees** op **jou kroos** giet en my **seën** op **jou nakomelinge...***"

Wat het gebeur op Pinksterdag? Die kroos van die Israeliete, die nakomelinge, het die Gees ontvang. *"...en My seën op **jou nakomelinge**..."*

Die seën is Vader se voorspoed, dit is Vader se genade, dit is Vader se uitredding — **op jou nakomelinge** — dit is 'n geslag.

**Jesaja 44:4**
*En **hulle** sal uitspruit tussen die gras in, soos wilgerbome by waterlope. Die een sal sê: Ek behoort aan die HERE; en die ander sal die naam van **Jakob** uitroep; en die ander sal met sy hand skrywe: Ek behoort aan die HERE, en hom met die **erenaam Israel** noem.*

Wie is dit? Van wie praat Hy? Van húlle wat die Heilige Gees ontvang het.

---

Vandag staan predikers die wêreld vol, swaai hul hande in die lug, en sê: *"Ontvang Sy Gees!"* En nie-Israeliete sit die banke vol... Dit is 'n ander christus — dit is **die Antichris in die kerk,** dit is **die leuen**. En hierdie mense wat dit doen sal die **ware gelowiges** doodmaak, **fisies doodmaak**, en dink hulle doen God 'n guns.

As jy God glo, as jy Hom op Sy Woord neem, en jy verkondig wat Hy sê: *"Ek het My Gees uitgestort op die nakomelinge van Israel, omdat Ek hulle lief het, en die ander nie lief het nie"*, dan sal die sogenaamde gelowiges van hierdie wêreld — hulle wat 'n ander christus aanbid — jou doodmaak en dink hulle doen God 'n guns. **Verwag dit.** Moenie dink mense gaan van jou hou terwyl jy hierdie evangelie bring nie.

---

**Hoe lief het God dan Sy eie mense in die wêreld gehad?**

**Deuteronómium 10:15**
*Maar net aan jou* ***vaders*** *het die HERE 'n* ***welgevalle*** *gehad om hulle lief te hê (want so lief het God die wêreld gehad), en Hy het* ***julle, hulle nageslag ná hulle****, uit* ***al die volke uitverkies****, soos dit* ***vandag*** *is.*

**Deuteronómium 33:2** — dit is Moses wat praat — dit is aan sy einde, net voor die volk die beloofde land ingaan: *En hy het gesê: Die HERE het gekom van Sinai en vir hulle opgegaan van Seïr (die berg van die Edomiete) af; Hy het in ligglans verskyn van die gebergte Paran en gekom van heilige tien duisende af; aan sy regterhand was vlammende vuur vir hulle. Ja, Hy het die* ***stamme*** *(die twaalf stamme van Israel) lief. Al sy* ***heiliges—hulle*** *is in u hand; en* ***hulle*** *was gelaer by u voet; elkeen ontvang iets van u uitsprake.*

Jahweh het die stamme liefgehad — dit is die koppeling wat ons moet maak. Hoe lief het Hy hulle gehad?

**Dat Hy Sy eniggebore Seun gestuur het**, sodat **elkeen** wat in Hom glo...

**Wie is "elkeen"?** Die stamme wat Hy liefhet.

...nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

**Hoséa 11:1**
*Toe* ***Israel*** *'n kind was, het Ek hom* ***liefgehad****, en uit Egipte het Ek* ***my seun geroep****.*

Vader gebruik 'n sinnebeeld van 'n kind. Enige een van ons wat 'n kind of kleinkind het, weet wat is daardie liefde.

Vader sê: *"Toe* ***Israel*** *'n kind was, het Ek hom* ***liefgehad****, en uit Egipte het Ek* ***my seun geroep****."*

Dit is Sy kind — die Israeliete in Egipte. En Hy roep hulle.

**Hoséa 11:2**
*Hoe meer die profete hulle geroep het, des te meer het hulle van húlle af weggeloop; hulle het aan die* ***Baäls*** *geoffer en vir die* ***gesnede beelde*** *rook laat opgaan.*

Vandag roep Vader ons. Ons is nog steeds daai nageslag — die seun van, die seun van, die seun van — en as jy jou geslag terugvat, kom jy by Jakob uit. Jakob se geslag het deur Egipte gegaan — dit is ons voorvaders.

**1 Korintiërs** sê: *"...ons voorvaders het onder die wolk gegaan, deur die Rooi See, almal dieselfde geestelike voedsel geëet..."*

**Vader trek jou.** Hoekom is daar 'n begeerte in jou na hierdie? Want **Vader trek jou. "***Ek wil dit hoor, ek wil dit weet..."*

Maar wat is ons geneigdheid? *"Hoe meer die profete hulle geroep het, hoe meer het hulle weggeloop."*

Waarheen? Na Baäl toe, na ander christusse.

*"Watter kerk se christus is die oulikste? Watter een sing die lekkerste?"* Dit is die Baäl-gees.

**Hoséa 11:3-4**
*En Ek self het* ***Efraim leer loop****. Hy het hulle op* ***sy arms*** *geneem, maar hulle het nie erken dat Ek hulle genees het nie. Met* ***mensebande****, met* ***koorde van liefde*** *het Ek* ***hulle getrek****; en Ek was* ***vir hulle*** *soos diegene wat die* ***juk van hulle kakebeen af oplig****; en Ek het My na* ***hom neergebuig****, Ek het* ***hom*** *voedsel gegee.*

**Vader nader tot ons.** Yahshua is God in die vlees. Hoe meer kan Hy na ons **neerbuig** as dit?

**Hoséa 11:5-7**
*Hy sal na Egipteland nie terugkeer nie, maar Assur—dié sal sy koning wees; omdat hulle geweier het om hulle te bekeer. En die swaard sal geswaai word in sy stede en sy grendels vernietig en verteer weens hulle planne. Want **my volk** dwing om van My **afvallig** te word; en as die profete hom roep na bo, rig hy hom glad nie op nie.*

En dit is wat met ons gebeur; ons wil ons Antichris dien: *"My kerk het 'n christus, wat hy vir my voorgestel het, wat ek wil dien."*

Die profete roep, en ons stel nie belang nie! Nou sê Vader:

**Hoséa 11:8**
*Hoe kan Ek jou oorgee, o **Efraim**, jou prysgee, o **Israel**? Hoe kan Ek jou maak soos Adma, jou gelykstel met Seboïm: **my hart is omgekeer in My**, tegelykertyd is my **medelyde opgewek**.*

Hoekom sê Vader dit? *"Want so lief het Hy Israel..."* Vader sê dit van Israel. So lief het God sy mense in die wêreld gehad, die Israeliete, dat Sy hart omgekeer is in Hom, tegelykertyd is Sy medelyde opgewek.

Ons het sulke gevoelens in ons hart oor liefde. Vader het dieselfde. *"So lief het Hy sy eie mense in die wêreld gehad."*

Wat sê ons?: *"Nee Vader, U mag nie! Raak ontslae daarvan. Kry nuwe liefde. Verander aan die kruis."*

Hy sê: *"Nee, Ek kan nie. Ek het Efraim grootgemaak. Ek het hom geleer loop. Ek het hom laat swaarkry sodat hy na My toe kan bekeer. Kan Ek net die liefde opgee?"*

**Hoséa 11:9**
*Ek sal my toorngloed nie laat geld nie, Ek sal **Efraim** nie weer te gronde rig nie; want Ek is God en nie 'n mens nie, die Heilige in jou midde. En Ek sal nie kom in grimmigheid nie.*

Ons aanbid vandag ander christusse; dit skeur Vader se hart op. En tog sê Hy dat Hy Sy toorngloed nie sal laat geld nie.

Met wie praat Hy? Met Sy mense in die wêreld. Ons moet gehoor gee, ons moet besluit: stel ons belang of nie?

**Jesaja 44:21-22**
*Dink aan hierdie dinge, o **Jakob** en **Israel**! Want jy is my kneg; Ek het jou geformeer; jy is my kneg, **Israel**! Jy sal deur My **nie vergeet word nie**. **Ek delg jou oortredinge uit soos 'n newel en jou sondes soos 'n wolk**; keer terug na My, want Ek het **jou** verlos.*

Daar is maar net een geslag vir die Almagtige: Jakob, met twaalf seuns, twaalf stamme, en dit vorm die Israeliete — en in **Jesaja** praat Vader met húlle.

Wat sê die kerk? Hoekom is Israel 'n kneg? Want hulle moet die evangelie aan die wêreld bring. Dit is die Antichris se evangelie — Hy het dit nooit gesê nie. Ons is Yahweh se kneg, nie die res van die wêreld se kneg om die evangelie aan hulle te verkondig nie — dit is 'n leuen.

"*Ek het jou geformeer; jy is my kneg, **Israel**! Jy sal deur My **nie vergeet word nie...**"*

Wat sê ons vandag? Wat sê die valse christusse? *"Hy het Sy volk is vergeet, en Hy trou nou met 'n kerk – Hy trou met die gelowiges."*

Wat sê Vader? *"Jy sal deur My nie vergeet word nie."* Wat gebeur as ons sê Hy het Israel vergeet? Ons maak van Hom 'n leuenaar, ons sê Hy lieg. Want, Hy sê: *"Jy sal deur My nie vergeet word nie."* Ons sê: *"Nee, Hy het Israel vergeet"* So, of óns is leuenaars, of Hy is...

"*...**Ek delg jou oortredinge uit soos 'n newel en jou sondes soos 'n wolk**; keer terug na My, want Ek het **jou** verlos...*"

Nou word hierdie vers aangehaal deur elke prediker op 'n preekstoel. Van wie word hier gepraat?

"*Dink aan hierdie dinge, o **Jakob** en **Israel**! Ek delg **jou** oortredinge uit soos 'n newel en **jou** sondes soos 'n wolk...*" — nie die hele wêreld nie, nie die mense van die wêreld nie, maar Sy eie mense in die wêreld. En wie is hulle? Die nageslag van Jakob — 'n geslag, uitverkore voor die grondlegging van die aarde.

**Jesaja 44:23**
*Jubel, o hemele, want die HERE het dit gedoen (Israel se oortredinge uitgedelg). Juig, dieptes van die aarde! Breek uit in gejubel, o berge, bosse en al die bome daarin! Want die HERE het **Jakob** verlos, en Hy sal Homself verheerlik aan **Israel**.*

Wanneer het Hy Jakob verlos? *"Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen van húlle wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe kan beërwe."*

Wie is hulle? *"Want die HERE het **Jakob** verlos, en Hy sal Homself verheerlik aan **Israel**."*

*"Want so lief het God Sy eie mense, Jakob, in die wêreld gehad, dat Hy Sy Seun gestuur het..."*

"*...en Hy sal Homself verheerlik aan **Israel**",* nie aan almal nie.

**Jesaja 44:24**
*So sê die Here, **jou Verlosser**, en Hy wat jou geformeer het van die moederskoot af: Ek is die HERE wat alles volbring, wat die hemel uitspan, Ek alleen, en wat die aarde uitsprei—wie was met My?*

Wat het Hy gedoen? Wie is Hy? Wat is Hy? Wat het Hy gesê? Verskil ons daarmee, want Hy het Jakob verlos? *"Nee, ons soek 'n ander god wat almal verlos"* — wie is dit? 'n Antichris, 'n alternatiewe christus... *"want ons hou nie van hierdie Christus nie..."*

**Psalm 47:1-5**
*Vir die musiekleier. Van die kinders van Korag. 'n Psalm. Alle volke, klap met die hande; juig tot eer van God met 'n stem van gejubel! Want die HERE, die Allerhoogste, is gedug, 'n groot Koning oor die hele aarde. Hy bring **volke onder ons en nasies onder ons voete**. Hy kies ons erfdeel vir ons uit, die **trots van Jakob wat Hy liefhet.***

*"So lief het God die wêreld gehad..."* — Hy het Jakob in die wêreld liefgehad. Hy het die hele wêreld gekoop. Hy het die oesland gekoop, nie oor die oesland nie, maar oor die skat in die oesland — en die skat is Jakob wat Hy liefhet.

**Psalm 47:6**
*God vaar op met gejuig, die HERE met basuingeklank. Psalmsing tot eer van God, psalmsing! Psalmsing tot eer van ons **Koning**, psalmsing! Want **God is Koning** van **die hele aarde**; psalmsing met 'n onderwysing. God regeer oor die nasies; God sit op sy heilige troon. Die edeles van die volke het vergader—'n volk van die God van Abraham; want aan God behoort die skilde van die aarde. Hoog verhewe is Hy!*

Hierdie gaan nog in vervulling gaan. Wanneer Yahshua kom dan regeer Hy oor die hele aarde — maar, het Hy almal lief? Nee — Hy het Jakob lief, maar Hy regeer oor die hele aarde, want Hy is Koning oor die hele aarde.

Hoewel Hy Koning oor die hele aarde sal wees, het Hy nog steeds net een volk lief. Die antichriste se kerk lees

**Psalm 47:8** *"Want God is Koning oor die hele aarde"* — en interpreteer dit dat Hy al die inwoners van die aarde liefhet. Dit is nie so nie, Hy sê dit nie. Want Hy sê in dieselfde Psalm: *"**die trots van Jakob, wat Hy liefhet.**"*

Die liefde verander nie. Dit kan nie. Sy liefde kan nie verander nie, want Hý kan nie verander nie.

**Jesaja 43:1** — Ons vraag is: Hoe lief het God gehad? Wat was in Sy hart toe Hy Sy Seun gestuur het? *Maar nou, so sê die HERE, jou Skepper, o* ***Jakob****, en jou Formeerder, o* ***Israel****: Wees nie bevrees nie, want Ek het* ***jou*** *verlos; Ek het* ***jou*** *by jou naam geroep;* ***jy is myne****!*

Dit is elke keer presies die selfde; vir wie is Sy liefde? Dit is vir Jakob, vir Israel.

"*Wees nie bevrees nie, want Ek het* ***jou*** *verlos...*" — Wanneer het dit gebeur? By die kruis. Wat gebeur by die kruis? Hy betaal die prys vir die sonde wat uitstaande is vir die lewens van die Israeliete. Hulle het gesondig, hulle moet betaal vir hulle sonde — die prys is hulle lewe. By die kruis sê Hy: *"Ek sal sterf. Ek sal die prys vir julle lewens betaal."*

Vir wie se lewens? *"Almal, al die mense op die aarde..."* — Nee, dit is nie wat Hy sê nie, dit is wat 'n ander christus sê, maar daai ander christus kan nie verlos nie. Maar die ware Christus sê: "*Maar nou, so sê Yahweh, jou Skepper, o* ***Jakob****, en jou Formeerder, o* ***Israel****: Wees nie bevrees nie, want Ek het* ***jou*** *verlos; Ek het* ***jou*** *by jou naam geroep;* ***jy is myne****!"* — En die ander? *"Nee (Esau), Ek haat jou, Ek wil jou doodmaak, en Ek gaan jou doodmaak..."* — **Jesaja 34**

"*Ek het jou by jou naam* ***geroep****; jy is myne!"* — Yahshua sê: *"Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het,* ***hom nie trek nie****..."*

**Jesaja 43:2-4**
*As jy deur die water gaan, is Ek by jou; en deur die riviere—hulle sal jou nie oorstroom nie; as jy deur vuur gaan, sal jy jou nie skroei nie, en die vlam sal jou nie brand nie. (Hoekom?) Want Ek is die HERE, jou God, die Heilige van* ***Israel*** *(nie die Heilige van alle mense nie), jou Heiland; Ek het* ***Egipte gegee as losprys*** *vir jou,* ***Kus en Seba in jou plek****. (Maar hoekom Vader?) Omdat jy kostelik is in my oë (Wie? Egipte? Nee, die Israeliete, die geslag van Jakob!), hooggeag is, en Ek* ***jou liefhet****, daarom gee Ek* ***mense in jou plek*** *en* ***volke vir jou lewe****.*

Dink daaraan: die Israeliete is hooggeag deur God, Hy dink baie van hulle. Wat dink jy van die Egiptenare? *"Ek maak hulle dood, sodat die Israeliete kan lewe"*. Is hulle (Egipte) hooggeag? Nee. Het dit verander? Nee. Wie het dit verander? Die alternatiewe christusse, vyftig duisend van hulle, het dit verander. God het dit nie verander nie.

Hy is lief vir Israel, die volk Israel. Ons weet nie wat liefde beteken nie, dit is hoekom ons dit so min ag en dit so maklik verander en sê: *"Hy moet nou anders liefhê."*

**Jesaja 43:5**
*Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; Ek sal jou* ***geslag*** *van die ooste af aanbring en jou versamel van die weste af.*

*"Want so lief het God gehad"* — hier beskryf Sy liefde — *"omdat jy kostelik is in My oë, hooggeag is, en Ek jou liefhet, Israeliete, daarom sal Ek My Seun stuur om in jou plek te sterf, sodat as jy in Hom glo, jy nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe kan hê."* — Dít is die liefde in Vader se hart toe Hy sy Seun gestuur het. Daar is nie ander liefde nie.

*"Ek sal jou geslag van die ooste af aanbring..."* — **jou geslag**, nie die gelowiges nie, nie die kerk nie. 'n Geslag, hulle in Jakob wat hulle bekeer van hulle oortredinge. Dit is húlle wat Hy... wat gaan doen? "*Ek sal jou* ***geslag*** *van die ooste af aanbring en jou versamel van die weste af..."*

Wanneer gaan dit gebeur? As Hy verskyn op die wolke — met Sy koms gaan ons Hom in die lug tegemoet — van waar? Van die ooste en van die weste af.

**Jesaja 43:6-7**
*Ek sal sê aan die noorde: Gee! en aan die suide: Hou nie terug nie! Bring **my seuns** van ver, en **my dogters** van die einde van die aarde af, elkeen wat **na my Naam genoem is** en wat Ek geskape het **tot my eer**, wat Ek geformeer, wat Ek ook gemaak het.*

Almal? Gaan almal Hom tegemoet? Nee, net Jakob se nageslag — dit is 'n geslag. Ons kan preek wat ons wil, dit gaan nie verander nie. Ons kan lieg soos ons wil, dit gaan verander nie — want, Hy is wat Hy is. Hy gaan Hom nie aan ons steur nie. Hy word nie gemanipuleer nie. Hy is wat Hy is. Ons moet eerder net by Hom inval. Hy is spoedig hier, en dan gaan dit wees wat dit is. En waar gaan ons staan? Wil ons nog mense behaag? *"Ek wil eerder deur mense aanvaar word, as om deur hulle geoordeel te word"* — dit is dwaas. *"Ek wil eerder deur mense verwerp word, en nie deur God geoordeel word nie."* Moenie die verkeerde besluit neem nie.

**Jesaja 43:8**
*Bring uit die volk wat blind is en tog oë het, en die dowes wat ore het.*

Wie is hulle? Die Israeliete.

**Jesaja 43:9**
*Al die nasies het saam vergader, en die volke is versamel. Wie onder hulle kan sulke dinge verkondig? En laat hulle ons die vorige dinge bekend maak! Laat hulle hul getuies bring, dat hulle in die gelyk gestel kan word; en laat hulle hoor en sê: Dit is die waarheid!*

Vader se die goed vir die nakomelinge van Jakob, naamlik: die Israeliete. Hy sê: "*Ek sal sê aan die noorde: Gee! en aan die suide: Hou nie terug nie! Bring my seuns van ver, en my dogters van die einde van die aarde af...*"

"*Al die nasies het saam vergader, en die volke is versamel. Wie onder hulle kan sulke dinge verkondig?"* Kan die Egiptenare dit sê? Kan die Edomiet dit sê? Nee, hulle kan nie. Hoekom nie? Want God het dit net vir die Israeliete gesê.

Wat sê die valse predikers van vandag? *"Nee, almal — God het almal lief."* God het nie gesê Hy het almal lief nie. Nooit het Hy dit gesê nie, maar keer op keer sê Hy: *"Ek het 'n geslag lief."*

**Jesaja 43:9**
***Júlle** is my getuies, spreek die HERE, en my kneg wat Ek uitverkies het, sodat **julle** kan weet en My kan glo en insien dat dit Ek is—voor My is geen God geformeer nie, en ná My sal daar geeneen wees nie.*

Vandag, as ons hierdie woord hoor, sê Vader vir ons: *"sodat julle kan weet en My kan glo en insien dat dit Ek is..."* Ons moet dit insien.

"*...voor My is geen God geformeer nie, en ná My sal daar geeneen wees nie."* — Ons het baie christusse wat ons vir onsself maak... Daar is net Een.

**Jesaja 43:11**
*Ek, Ek is die HERE, en daar is **geen Heiland** buiten My nie.*

Daar is geen ander christus wat kan red nie. Ons verkondig christusse in 'n Christelike wêreld — duisende van hulle. Maar, daar is nét Één wat kan red.

**Jesaja 43:12-15**
*Ék het verkondig en verlos en dit laat hoor, en daar was geen ander god onder julle nie; en julle is my getuies, spreek die HERE, en Ek is God. Ook van vandag af is Ek dit, en niemand red uit my hand nie; Ek werk, en wie kan dit keer? So sê die HERE, **jou Losser**, die **Heilige van Israel**: Om julle ontwil het Ek na Babel gestuur, en Ek sal hulle almal as **vlugtelinge laat afdaal**, naamlik die **Chaldeërs**, in die skepe waarop hulle gejuig het. Ek is die HERE, **julle Heilige**; die **Skepper van Israel**, **julle Koning**.*

**Waar kom die Israeliete vandaan? Van God af, Hy het hulle gemaak.**

**Jesaja 43:16-17**
*So sê die HERE wat in die see 'n weg en in die sterk waters 'n pad gemaak het, wat waens en perde, leërmag en held laat uittrek het; tesame lê hulle (dit is die Egiptenare), hulle sal nie opstaan nie; hulle is uitgeblus, soos 'n lamppit uitgedoof.*

*"Want so lief het God die wêreld gehad..."* — En hier lê die Egiptenare? Het God hulle dan nie liefgehad nie? Nee, Hy het nie... En wat verkondig die valse christusse van vandag? 'n Ander evangelie...

**Jesaja 43:18-20**
*Dink nie aan die vorige dinge nie, en slaan geen ag op wat vroeër gebeur het nie. Kyk, Ek gaan **iets nuuts** maak; nou sal dit uitspruit; sal julle dit nie merk nie? Ja, Ek maak 'n pad in die woestyn, riviere in die wildernis. Die wilde diere van die veld sal My eer, die jakkalse en die volstruise; want Ek gee waters in die woestyn, riviere in die wildernis om **my volk, my uitverkorene**, te laat drink.*

*"Kyk, Ek gaan **iets nuuts** maak..."* — *"Aha, die kruis! Hy gaan nou al die volke haal!"* — Nee, dit is nie wat Hy gesê het nie. Hy maak iets nuuts ter wille van Sy uitverkorenes, Sy volk.

Wat het gebeur? Sy volk, Sy uitverkorenes, is verlore. En Hy betaal die prys namens hulle, sodat hulle gered kan word — dit is wat gebeur het.

**Jesaja 43:21**
***Die volk** wat Ek **vir My** geformeer het, **hulle** sal my lof verkondig.*

Watter volk het Hy vir Hom geformeer? Die Israeliete. En die ander volke? Hy het hulle nie vir Hom geformeer nie — Hy gee hulle in die plek van Sy volk. Wat 'n radikale evangelie teenoor dit wat in die wêreld verkondig word... Wie praat hier? God self praat hier: *"Die volk wat Ek vir **My** geformeer het, hulle sal my lof verkondig."*

**Jesaja 43:25**
*Ek, Ek is dit wat **jou** oortredinge uitdelg om **My** ontwil, en aan **jou** sondes dink Ek nie.*

Met wie praat Hy? Die Egiptenare? Nee. Waar is die Egiptenare se sondes? By hulle. Wie gaan betaal vir hulle sonde? Hulle self. En die Edomiete en Hewiete en hulle geslagte? Al daai nasies van daai tyd se geslagte is vandag nog op die aarde — net één geslag se oortredinge is uitgedelg, en dit is Jakob se geslag.

---

Wat is 'n geslag? Die seun van die seun van die seun van... En hierdie één geslag se oortredinge is uitgedelg. Waar? By die kruis. *"Want so lief het God die wêreld gehad..."* — Hoe lief het Hy gehad? *"Ek, Ek is dit wat **jou** oortredinge uitdelg om **My** ontwil, en aan **jou** sondes dink Ek nie."*

---

Ter wille van wie? Ter wille van Vader. Hoekom het God vir Adam gemaak? Hy het 'n geslag op aarde gesoek. Vir wie? Vir Homself. Hy het Adam as koning gemaak van hierdie aarde, Sy vriend. Hy het met Adam in die aandwindjie gewandel en met hom bespreek, en met hom gekuier, en met hom gesels — Maar, hy het verlore gegaan. En Vader soek vir Hom 'n geslag, en Sy geslag word verlore. Daar is 'n geslag, en daar is ander geslagte. Die prys wat Hy betaal het, is vir een geslag.

*"Ek, Ek is dit wat **jou** oortredinge uitdelg om **My** ontwil..."* — *"Ek soek jou terug, Adam. Ek wil jou by My hê en aan jou sonde nie meer dink nie."* — En Hy het dit gedoen. Waar? By die kruis. Wat het verander by die kruis? 'n Verlore geslag het 'n verloste geslag geword — dit is al. Ander geslagte het nie deel van Sy liefde geword nie.

**Jesaja 43:26-28**
*Maak My indagtig; laat ons teen mekaar pleit; vertel jy, dat jy in die gelyk gestel kan word. Jou eerste vader (Adam) het gesondig, en jou tolke het teen My oortree. So het Ek dan heilige vorste ontheilig en Jakob aan die banvloek oorgegee en Israel aan beskimpinge.*

Maar, Hy verander dit? Waar? By die kruis. Wat het verander? Hy het Israel gered van hulle sonde.

**Jeremia 33:14**
*Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek die **goeie woord** in **vervulling** laat gaan wat Ek gespreek het aangaande **die huis van Israel** en **die huis van Juda**. In **dié** dae en in **dié** tyd sal Ek vir **Dawid** 'n **Spruit** van **geregtigheid** laat uitspruit, en **Hy** sal reg en geregtigheid doen in die land. In dié dae sal **Juda** verlos word en **Jerusalem** veilig woon; en dit sal die naam daarvan wees: **YAHWEH ONS GEREGTIGHEID.***

Die was in die dae van die ballingskap van Juda. Israel was reeds in ballingskap, en die koninkryk waarnatoe hulle weggevoer was, het ten gronde gegaan — en hulle is verstrooi oor die hele aarde.

*"Kyk, daar kom dae, spreek die HERE (sê God vir húlle), dat Ek die **goeie woord** in **vervulling** laat gaan wat Ek gespreek het aangaande **die huis van Israel** (wat nou verstrooi is) en **die huis van Juda** (wat nou in ballingskap is na Babilon)"* — Vir hulle sê God hierdie woord: "*In **dié** dae en in **dié** tyd sal Ek vir **Dawid** 'n **Spruit** van **geregtigheid** laat uitspruit..."* — Wie is dit? Yahshua. Wat is **dié** dae? Dit is Sy koms hier na die aarde toe. *"...en **Hy** sal reg en geregtigheid doen in die land. In dié dae sal **Juda** verlos word en **Jerusalem** veilig woon; en dit sal die naam daarvan wees: **YAHWEH ONS GEREGTIGHEID.**"*

---

Yahshua beteken: **EK IS JOU GEREGTIGHEID**. Wie se geregtigheid? *"...aangaande **die huis van Israel** en **die huis van Juda"*** — dit is die twaalf stamme van Israel.

Wat is die woord? Yahshua gaan kom, en Hy gaan vir julle sondes sterf, en Hy gaan jou geregtigheid wees. Wie s'n? Die Egiptenare? Nee — die huis van Israel en die huis van Juda s'n.

*"Hoekom so eng Vader?": "Want julle alleen het Ek liefgehad uit al die nasies wat op die aarde is. Julle is vir My kostelike. Ek hou van julle. Julle het My welgeval. Die ander het nie..."*

Yahshua se prys is betaal vir die huis van **Israel** en die huis van **Juda**. *"So lief het God die wêreld gehad, dat toe Yahshua hier gekom het, Hy sy lewe kom gee het in die plek van die huis van Israel en die huis van Juda."*

---

Wat sê die wêreld van die evangelie? *"Ek sal jou doodmaak as jy dit verkondig, en dink ek doen God 'n guns."*

**Matthéüs 2:5-6**
*En hulle het vir hom gesê (hulle verklaar die profete aan Herodes): Te Betlehem in Judéa, want so is daar deur die profeet geskrywe: En jy, Betlehem, land van Juda, is volstrek nie die geringste onder die vorste van Juda nie, want uit jou sal 'n **leidsman** voortkom wat vir **my volk Israel** 'n **herder** sal wees.*

Waarvan praat die profete? In Betlehem gaan iemand gebore word, en Hy gaan 'n Leidsman en 'n Vors wees van Juda, en Hy sal vir Israel 'n Herder wees. En wie is dit? Yahshua. Het Hy gekom vir alle mense? Nee, vir Sy eie mense. Keer op keer sien ons dit. Hoe weet ons dit? Yahshua sê dit:

**Matthéüs 15:22-24**
*En 'n Kananése vrou (buite die geslag van Israel) het van daardie gebied gekom en na Hom geroep en gesê: Wees my barmhartig, Here, **Seun van Dawid**! My dogter is erg van die duiwel besete. Maar Hy het haar nie 'n woord geantwoord nie. Toe kom sy dissipels nader en vra Hom en sê: Stuur haar weg, want sy roep agter ons aan. Maar Hy antwoord en sê: Ek is net gestuur na **die verlore skape van die huis van Israel**, [Kananése vrou, Ek kan nie vir jou gee nie, Ek is nie vir jou gestuur nie].*

Wat sê die moderne evangelie? Wat sê die vyftig-duisend christusse se kerke? *"Hy is gestuur na almal."* Maar Yahshua sê: *"Ek is net gestuur na die verlore skape van die huis van Israel."* Ons het dit nou hoeveel keer gesien deur die profete; net vir hulle. Maar die valse evangelie sê: *"Almal."*

*"Hoe lief het God die wêreld gehad?"* So lief dat Hy net gestuur is na die verlore skape van die **huis van Israel**.

### Handelinge 5:29
*En Petrus en die apostels antwoord en sê: Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense.*

Hier staan ons nou voor hierdie evangelie wat radikaal verskil met **álles** wat in die wêreld gesê word. En ons moet 'n keuse maak. Elkeen wat dit hoor, moet 'n keuse maak. Ek het niks gesê nie — ek het net gesê wat die Woord sê. En elkeen van ons moet besluit neem.

Petrus het 'n besluit geneem. Paulus het 'n besluit geneem. Johannes het 'n besluit geneem. En óns? Wat is die besluit? Gaan ons meer aan God gehoorsaam wees, of meer aan die mense? Moet ek luister na die ware Christus of die alternatiewe christus?

### Handelinge 5:30
*Die God van ons vaders het Jesus opgewek, wat julle omgebring het deur Hom aan 'n kruishout te hang. Hom het God as Leidsman en Verlosser deur sy regterhand verhoog om aan* ***Israel bekering en vergifnis van sondes te skenk.***

Dit is ná die kruis, dit is Handelinge, dit is Petrus wat dit sê. Waarvoor het Yahshua gekom? *"om aan* ***Israel bekering en vergifnis van sondes te skenk.****"* En wat doen die valse predikers met hulle valse christusse? Hulle verander **Israel** na die **Kerk**...

Vader sê: *"Julle alleen het Ek liefgehad, uit al die volke wat op die aarde is."* Met wie praat Hy? Die Israeliete.

Nou kom ons by hierdie vers en ons verander dáái volk na kerk, en ons se bekering en vergifnis is vir die kerk. Het Hy dit gesê? Nee, jy sal dit nie in die Bybel raak lees nie, want dit staan nie daar nie — die woord "kerk" is nie daar nie. Dit is 'n vals christus, 'n Antichris, se evangelie. En ons is Sy getuies van hierdie dinge...

Petrus sê: *"Ek is 'n getuie daarvan dat Yahshua gekom het om aan Israel bekering en vergifnis van sondes te skenk."*

Vandag is daar duisende predikers, en nou is my vraag aan daai predikers: Waarvan is jy 'n getuie? Selfde as Petrus?

Petrus sê: *"Ek is 'n getuie daarvan dat Yahshua gekom het om aan Israel bekering en vergifnis van sondes te skenk."* En wat sê vandag se predikers? *"Om aan die kerk vergifnis van sondes te skenk..."*

Dit is twee evangelies, en hulle verskil radikaal. Dit is verskillende christusse — waar staan ek en jy? Ons het nog 'n keuse om te maak.

### Handelinge 28:20
*Om hierdie rede dan (dit is Paulus wat praat, hy is aan die einde van sy bediening, hy is die een wat die evangelie aan die "sogenaamde" heidene gaan verkondig het) het ek versoek om u te sien en toe te spreek, want dit is oor die* ***hoop van Israel*** *dat ek met hierdie ketting geboei is.*

**Die hoop van Israel**, nie die hoop van die kerk nie. Wie is Israel? Die is die twaalf stamme van die Israeliete, dit is die huis van **Israel** en die huis van **Juda** — dit is die nakomelinge van Jakob, dit is die volk wat God uitverkies het uit al die volke wat op die aarde is, omdat Hy hulle liefhet. En Paulus sê: *"dis oor die hoop van die Israeliete dat ek in hierdie tronk sit."*

*"Maar Paulus is dan die sendeling van die kerk? Het hy nou vergeet van die kerk?"* Daar was nooit 'n kerk nie, dit is oor die hoop van Israel.

**Yahshua het gekom ter wille van die Israel, dit is al rede...**

**Jeremia 33:24**
*Het jy nie gemerk wat hierdie volk (vals predikers, vals christusse) spreek nie as hulle sê: Die **twee geslagte** wat die HERE **uitverkies** het (by die berg Sinai, omdat Hy hulle liefgehad het), dié het Hy **verwerp**? En hulle (hierdie predikers) **verag my volk**, sodat dit **geen nasie** voor hulle meer is nie.*

Gaan vra vir jou predikant of pastoor of oudste of ouderling of jou wat ook al: *"Waar is die volk van God?"* En wat gaan hulle sê? *"Daar is nie meer so 'n nasie nie, dit is nou 'n kerk..." — "En hulle verag My volk, sodat dit geen nasie voor hulle meer is nie."* Ons aanbid 'n kerk...

**Jeremia 31:31**
*Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek met die **huis van Israel** en die **huis van Juda** 'n nuwe verbond sal sluit;*

Ons weet dit — ons lees dit oor en oor, maar ons maak dit van toepassing op iemand anders. Maar, God het dit nie van toepassing gemaak op iemand anders nie, Hy sê: *"Dit is die huis van Israel, die huis van Juda."*

Vader Yahweh is behep met die huis van Israel en die huis van Juda — dit is net hoe dit is. Hy het Sy hart verloor op die Israel, nie op iemand anders nie, en Hy maak 'n verbond met hulle by Sinai. Dan maak Hy 'n nuwe verbond met hulle in Jerusalem, by die kruis.

**Jeremia 31:32**
*nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders gesluit het op dié dag toe Ek hulle hand gegryp het om hulle uit Egipteland uit te lei nie—my verbond wat húlle verbreek het, alhoewel Ék gebieder oor hulle was, spreek die HERE.*

Die ou verbond was met hulle, die nuwe verbond is met hulle.

**Jeremia 31:33**
*Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die **huis van Israel** sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir **hulle** 'n God wees, en **hulle** sal vir My 'n **volk** wees.*

Met wie is die nuwe verbond? Met die Israeliete, die geslag van Jakob. Wat is die nuwe verbond? *"Ek sal vir julle God wees, en julle sal vir My 'n volk wees."*

**Jeremia 31:34**
*En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer nie en sê: Ken die HERE; want hulle sal My almal ken, klein en groot onder hulle, spreek die HERE; **want Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie.***

*"So lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy Seun gestuur het, sodat die geslag van Jakob se sonde vergewe kan word en Yahweh nie meer aan hulle sondes sal dink nie."*

**Jeremia 31:35**
*So sê die HERE wat die son gee tot 'n lig oordag, die ordeninge van die maan en van die sterre tot 'n lig in die nag; wat die see in beroering bring, sodat sy golwe bruis, HERE van die leërskare is sy Naam:*

As jy nou uitgaan buite toe, sien jy die son? En vanaand as jy uitgaan, sal die sterre daar wees? En die see, is dit nog daar? Bel iemand wat by die see bly en vra hom of die see nog daar is.

**Jeremia 31:36**
*As hierdie **verordeninge** (son, maan, sterre, see) voor my aangesig **sal wyk** (as dit sal ophou bestaan), spreek die HERE, dan sal die **nageslag van Israel** ook **ophou** om **'n volk te wees** voor my aangesig vir altyd.*

Wat sê die predikers vandag? *"Daar is nie meer 'n volk nie, dit is 'n kerk en 'n geestelike Israel."*

Wat sê Vader? *"Gaan kyk of die son daar is. Gaan kyk die maan. Gaan kyk die sterre. Gaan kyk die see. As dit daar is, is My volk nog daar."*

Weet ons die volk is nog daar? *"Nee, dit is die Jode."* — dit is nie die Jode nie, die Jode is die sinagoge van die Satan. En as die volk die Jode van vandag is, slaan maar die Boek toe, want dan is dit nie op jou van toepassing nie.

Die Bybel is vir 'n uitverkore geslag alleen. As jy nie nageslag van Jakob is nie, mors jy jou tyd.

Goed, die son en die maan en die sterre en die see is nog daar — so, die volk is nog daar.

**Jeremia 31:37**
*So sê die HERE: As die hemele daarbo gemeet en die fondamente van die aarde daaronder nagespeur kan word, dan sal Ek ook die hele nageslag van* ***Israel*** *verwerp weens alles wat hulle gedoen het, spreek die HERE.*

---

Het ons al 'n hemel daarbo gemeet? Nee, ons sien net daar is nog en nog en nog… En die fondamente daaronder? Nee, ons weet nie. Ons gaan in die see, en ons kan nie eers daar naspeur nie. Ons het nog nie die fondamente van die aarde nagespeur nie. Ons kan nie.

So, het Vader dan Sy volk verwerp weens alles wat hulle gedoen het? Want, dit is wat die vals predikers sê. Die mense wat die Antichris verkondig sê: *"God het Sy volk verwerp as gevolg van hulle sonde."*

Het dit gebeur? Het God sy volk verwerp? Nee, Hy het nie. Hoe weet ek dit? Want ons het nog nie die hemel daarbo gemeet nie.

---

God het nie die Israeliete verwerp as gevolg van hulle oortredinge nie. Hulle het oortree, maar Hy het hulle nie verwerp nie. Wat het Hy gedoen? Hy het hulle oortredinge op Homself geneem, en hulle gereinig van hulle oortredinge, en Hy het 'n nuwe verbond met hulle gemaak. Hy het nie die ou verbond gebreek en gesê: *"Ek het nie meer 'n verbond met julle nie, Ek maak 'n nuwe verbond met iemand anderste nie"* — Hy het met híérdie mense 'n nuwe verbond gemaak. Jy kan nie met iemand 'n nuwe verbond maak met wie jy nie 'n oue gehad het nie.

God het reeds 'n verbond gehad met die Israeliete, en Hy mak 'n nuwe verbond met die Israeliete. Hoekom? Om hulle siele te red.

**Opsomming**: So lief het God die wêreld gehad, dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen van Sy eie mense wat in die wêreld is, in Hom kan glo, en dan nie meer verlore gaan nie, maar die ewige lewe saam met Hom kan hê.

Rom 11:33 *o Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë!*
Rom 11:34 *Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees?*
Rom 11:35 *Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word?*
Rom 11:36 *Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.*